UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 3

JOODSE PIONIERS IN TRANSVAAL: 1840-1885

Oor die Joodse Diaspora na Transvaal wat reeds kort na die vestiging van die eerste Voortrekkers vanaf ongeveer 1840 'n aanvang geneem het, is relatief min opgetekende inligting beskikbaar. Soms het daar wel brokkies inligting in koerante verskyn, soos dié wat J. H. Malan, 'n gewese argivaris in Bloemfontein, in 1943 aan die koerant *Die Volk* verstrek het. Malan het vertel van 'n smousswerweling A. Coqui, 'n "Portugese" Jood, wat by alle Voortrekkers in Transvaal bekend was. Oor Coqui wat in die omgewing van Ohrigstad bedrywig was, se persoonlike lewe is min bekend, maar volgens Malan was Coqui "hier, môre daar, met sy waens en pakke negosieware, 'n alombekende, gewilde en tog geheimsinnige mens. Hy was 'n wildwakker man, intelligent, goed opgevoed, en manierlik in sy omgang...en rats met sy pen."[1] Voorts verwys dieselfde koerant na Coqui as 'n "Voortrekker" wat soms ook onder die naam Adolph Gagin bekend gestaan het. Die historikus, F. A. Steytler, beweer op sy beurt dat Coqui, 'n "Duitse" Jood was. Hiervolgens sou Coqui wat in die Lydenburg-omgewing[2] gesmous het, later na Harrismith verhuis het, waar hy by die opstel van die eerste grondwet van die Republiek van die Oranje Vrystaat behulpsaam was.[3] Die Joodse verslaggewer en geskiedskrywer, E. Rosenthal, beweer aan die ander kant dat hierdie merkwaardige Jood van "Belgiese" afkoms was wat vanaf [Andries] Ohrigstad na Lydenburg verhuis het, waar hy die handel tussen die Voortrekkers en die Portugese gestimuleer het. In 1853 het Coqui blykbaar die Volksraad, wat op die plaas van H. Pieterse te Magaliesburg in sitting was, se goedkeuring gevra om 'n mieliemeule op Potchefstroom op te rig. Dié misterieuse swerwer Coqui, het later na Pretoria

---

1 *South African Jewish Board of Deputies(SAJBD),* argief in Johannesburg: J. H. Malan, Die opkoms van 'n republiek. Herdruk uit *Die Volk,* 26 November 1943.

2 A.P. van der Merwe, Die stigting van Lydenburg. In *Historiese studies* 1 (4) Mei 1940, Universiteit van Pretoria, p. 30, verduidelik dat die mening was dat "Lydenburg ten gevolge van het lyden dat zy in Ohrigstad ondervinden hadden," ontstaan het.

3 SAJBD argief : F. A. Steytler, Die geskiedenis van Harrismith. Herdruk uit *Die Volk*, 26 November 1943; SAJBD argief: 'n Huldeblyk deur ds. C. Murray oor Coqui in hierdie verband; Herdruk uit *Die Volk*, 26 November1943; K. Schoemann, *Bloemfontein : die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, 1980, p. 27, verduidelik dat 'n Nederlander, 'n Ier en 'n Duitse Jood, waarskynlik verwys hy na Coqui, vir die opstel van die grondwet verantwoordelik was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teruggekeer waar hy in 1893 oorlede is.[4] Rosenthal beweer ook dat "many stages of his career are hidden in mystery...Coqui's status and nationality remained a matter of obscurity."[5] Hierdie stelling is 'n akkurate samevatting van die probleem wat die kultuurhistorikus met die navorsing van hierdie vroeër jare van die Joodse pioneers ondervind.

'n Joodse geskiedskrywer, F. Gut, beweer dat *de Geuzen* wat in die sestiende eeu in die Nederlande aangekom het en as bedelaars ("Betteljuden") bestempel is, moontlike afstammelinge kon wees van Joodse *marranos* wat uit Iberië na Holland en Vlaandere gevlug het om aan die Inkwisisie van die Katolieke Kerk te ontkom. Gut beweer dat die *Geuzenlied*-boeke, "expressing their abhorrence and dislike of the Spanish oppressors and Inquisition," 'n belangrike aanduiding van die *Geuzen* se Joodsheid gee.[6] Hieruit kan die aanname gemaak word dat van die Joodse Hollanders wat na Transvaal gekom het moontlik afstammelinge van dié *Geuzen* was, soos byvoorbeeld twee smouse J. Bloch en S. Wolff asook die medikus J. M. Rood, waarvan Rosenthal melding maak. Teen ongeveer 1860 het 'n Joodse gesin, dié van J. Herschensohn, wat aanvanklik in Natal gewoon het, hulle in Martinus Wesselstroom (tans Wakkerstroom) gevestig.[7] 'n Ander Hollander, J. Stuart, was tenspyte van sy "Skotse" naam, volgens Rosenthal ook van Joodse afkoms. Hy het vir 'n aantal jare in Transvaal vertoef en het by sy terugkeer in Amsterdam die eerste boek oor hierdie gebied getitled *De Hollandshe Afrikanen en Hunne Republiek in Zuid-Afrika*, die lig laat sien. Daarbenewens het Stuart

---

4 SAJBD argief : F. A. Steytler, Die geskiedenis van Harrismith. Herdruk uit *Die Volk*, 26 November 943.

5 SAJBD argief: Dokument No. 304: E. Rosenthal, *Jews in the Boer Republics.*

6 F. Gut, Geuzen and Jews of the Netherlands. In *Jewish Affairs*, September 1978, p. 67. Gut haal die Duitse digter Schiller se werk "Geschichte des Abfalls der Vereinigten Niederlande von der Spanische Regierung" aan, om sy bewering te staaf; J. Ploeger, Ulrich Gerhard Lauts (1787-1865): Die skakel tussen Nederland en die Voortrekkers. In *Historiese studies* 1(4) Mei 1940, Universiteit van Pretoria, pp. 1-27, werp lig op die wyse waarop Lauts landsverhuising na Suid-Afrika aangemoedig het om die Christelike belange van die Voortrekkers te bevorder.

7 SAJBD argief: Dokument No. 304: E. Rosenthal, *Jews in the Boer Republics;* J. Ploeger, Ulrich Gerhard Lauts (1787-1865): Die skakel tussen Nederland en die Voortrekkers. In *Historiese studies* 1(4) Mei 1940, Universiteit van Pretoria, p. 17 ways daarop dat Bührmann 'n brief aan die Volksraad gerig het "ter bekoming van predikante en schoolmeesters"

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gepoog om Hollanders te help om na Transvaal te emigreer, maar sy poging was nie geslaag nie.[8]

Sover vasgestel kan word was H. T. Bührmann, wat 'n vroeë inwoner van Lydenburg was, 'n Joodse Christen. Hy het homself teen 1848 op die plaas *De Emigrati* gevestig.[9] Die Joodse Christenteoloog, F. Lion Cachet en sy broer Jan, 'n onderwyser, was ook van die eerste Hollandse Jode, wat bekendheid in die Transvaal verwerf het. F. Lion Cachet het in 1864 'n beroep na die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Utrecht aangeneem en sy belewenis in die vroeë Transvaalse gemeenskap in briewe aan 'n vriend in Holland meegedeel sodat omvattende inligting oor die sosiale omstandighede in Transvaal, hierin vervat is.[10] 'n Ander Hollandse Jood, M. de Vries, het hom teen 1867 in Pretoria as 'n assistent- landdrost gevestig.[11]

Anglo-Jode, soos D. M. Kisch (ca. 1874), en E. Cohen (ca. 1877), het hulle ook met verloop van tyd in Pretoria gevestig en sò aktief aan die Transvaalse leefwyse deelgeneem dat inligting oor hulle dikwels in *De Volksstem* opgeneem is.[12] Hulle is geleidelik deur nog Joodse pioniers gevolg toe die goudvelde in Oos-Transvaal, handelaars en fortuinsoekers aangelok het. Teen 1878 het Joodse getalle op die goudvelde sodanig aangegroei dat daar in Pilgrim's Rest[13] 'n Joodse begraafplaas in gebruik geneem is.[14] Maar, aangesien daar in hierdie tydperk min Jode was en hulle boonop wyd verspreid gewoon het, was daar nie van 'n georganiseerde Joodse gemeenskap sprake nie. In hierdie hoofstuk word gefokus op die besondere oorlewingsvaardighede en bydraes van Joodse individue wat

---

8 SAJBD argief: Dokument No. 304: E. Rosenthal, *Jews in the Boer Republics*.J. Stuart, *De Hollandshe Afrikanen en Hunne Republiek in Zuid-Afrika, 1854.*

9 A.P. van der Merwe, Die stigting van Lydenburg. In *Historiese studies* 1 (4) Mei 1940, Universiteit van Pretoria, pp. 31-32.

10 F. Lion Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika: Brieven aan een vriend (1 en 11),* 1875.

11 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) Pretoria, Staatsekretaris van die ZAR, (SS) 98 R 520/68. Re: Aansoek om betrekking as Auditeur Generaal, 1868.

12 J. Katz, (ed.), *The story of the Pretoria Jewish Community up to 1930,* 1987, p. 2-4; SAJBD argief: Dokument No. 304. E. Rosenthal, *Jews in the Boer Republics.*

13 B.P.J. Erasmus (red.), *Op pad in Suid-Afrika*, 1995, pp. 186-187, 'n voormalige subredakteur an die amptelike *Suid-Afrikaanse Jaarboek* se uitgawe van 1975 tot 1986, verduidelik dat die naam Pilgrims's Rest waarvoor daar geen amptelike vertaling is nie, volgens 'n Britse navorser, Fred Cope, na 'n Australianer met die naam Pilgrim vernoem is.

14 D. L. Sowden, In the Transvaal till 1899. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history,* 1955, pp. 149-150.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofsaaklik in Pretoria, maar ook in enkele omliggende dele van Transvaal, gevestig het waar die sosiale omstandighede in hierdie nuutgestigte staat groot uitdagings ingehou het. Dié omstandighede was ook onderhewig aan politieke probleme, godsdienstige geskille en die daarstelling van onderwys in 'n landelike omgewing waar ekonomiese instellings en 'n infrastruktuur ook ontwikkel moes word.

OMSTANDIGHEDE IN DIE ONTWIKKELENDE ZAR

Verteenwoordigers van Voortrekkerpioniers en gesante van Brittanje het op 17 Januarie 1852 die Sandrivier-konvensie onderteken. Daardeur het geen nuwe staat of regering tot stand gekom nie, Brittanje het bloot die soewereine onafhanklikheid van 'n staat erken wat reeds vanaf 1849 bestaan het. Met hierdie konvensie het Brittanje hom ook verbind om nie met dié staat se bestuur in te meng nie. Hierdie staat noord van die Vaalrivier, het in September 1853 na aanleiding van 'n besluit van sy Volksraad sy naam *Zuid Afrikaansche Republiek* (ZAR) gekry.[15] Die nuwe dorp Pretoria (1855) het as die setel van die ZAR heelwat storm en drang tydens die ontwikkelingsjare ervaar, omdat die owerheid self moes wortel skiet en voete vind. Ten spyte van hulle relatief klein getalle het Jode en persone van Joodse afkoms tog betekenisvolle bydraes tot die ontwikkeling en vestiging van die nuwe staat gemaak. Toe die eerste *Westjuden,* verwesterde Jode, gaandeweg in Transvaal gevestig het, moes daar in hierdie onderontwikkelde staat 'n grondwet en doeltreffende regeringstelsel onder knellende ekonomiese omstandighede, tot stand gebring word. Volgens die kultuurhistorikus, G. S. Nienaber, was Stuart wat 'n raadgewer van president M. W. Pretorius was, ook behulpsaam met die opstel van die grondwet van die ZAR.[16] Daarbenewens, is die politieke bestuur van die ZAR gedurende hierdie tydperk deur verskillende presidente waargeneem en, om sake te vererger, is Transvaal ook vir 'n tydperk deur Brittanje geannekseer (1877-1881). Die omwentelinge wat met hierdie gebeure gepaard gegaan het, oorloë met die inboorlinge, die opstel

---

15 J. S. du Plessis, Die Suid-Afrikaanse Republiek. In C. F. J. Muller (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse geskiedenis* (4e ed.), 1968, pp. 223-234.

16 G. S. Nienaber, Die Afrikaner se kultuurstryd tot 1870. In A. J. H. van der Walt, J. A. Wiid en A. L. Geyer (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika, deel II,* 1951, pp. 629-630.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die grondwet en die kerklike twis[17] wat ontstaan het, sou probleme vir die nuwe staat se bestel meebring,[18] waarby Joodse pioniers betrokke was.

Die Transvaalse bevolking het in sosiale isolasie ontstaan toe die Voortrekkers gedurende hulle trekkersjare (ca. 1834-1854) min kontak met die buiteland gehad het.[19] Die trekkers het ook nooit intensiewe politieke en administratiewe ervaring opgedoen nie sodat hulle geestelik onvoorbereid was vir die uitdagings wat op staatkundige, ekonomiese en kerklike gebied op hulle gewag het.[20] Oor formele boekekennis het hulle nie beskik nie en die onderwys van kinders het nie veel wyer gestrek as om die Bybel te leer lees nie. Die historikus, G. D. Scholtz, beweer dat dié kennis van die Bybel daartoe bygedra het dat 'n intieme verhouding tussen volk en kerk ontstaan het: "[dit] word geensins te sterk gestel wanneer beweer word dat dit in die eerste en laaste plaas die Christelike geloof is, soos dit deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk verkondig, wat die Afrikaanse volk tydens die isolasie...van verwildering gered het nie."[21]

Dit is dus verstaanbaar dat die Voortrekkers in Transvaal gretig was om na al die swerfjare hulle eie leraars te verkry en 'n ordelike gemeentelike en politieke lewe te voer. Hollanders soos Bührmann en J. A. Smellekamp van Lydenburg, was bekommerd oor die gebrek aan godsdienstige en onderwysgeleenthede in hulle nuwe vaderland.[22] Smellekamp se poging om twee predikante na Suid-Afrika te bring, het misluk toe die Britse owerheid nie wou toelaat dat die skip *Brazilië* waarop hulle gereis het, by Port Natal aan wal te gaan nie sodat hulle na Delagoabaai moes vaar. Voordat hulle geland het, het die een predikant ene ds. Martineau gesterf. In

---

17 Hierdie gebeure word in volle besonderhede deur die geskiedkundige G. D. Scholtz in sy boek *die geskiedenis van die Nededuitse Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, 1842-1885, 1956, pp. 187-212 beskryf. Vir hierdie verhandeling is die rol wat die bekeerde Jode Frans, sy broer Jan Lion Cachet en Bührmann in die kerklike twis en latere ontwikkeling gespeel het, relevant.

18 J. S. du Plessis, Die Suid-Afrikaanse Republiek. In C. F. J. Muller.(red.) *500 jaar: Suid-Afrikaanse geskiedenis* (4e ed.), 1968, pp. 223-227.

19 A. E. Steenecamp, Uit dagen van strijd.(1843). 'n Byvoegsel tot *De Volksstem*, 30 Desember 1896.

20 F. A. van Jaarsveld, Die Vrystaat-Transvaalse vriendskapsverdrag van 1872. In *Historia*, 2(2) September 1957, pp. 148-162. Hierdie artikel geen 'n sinvolle oorsig oor die sosio-politieke omstandighede in die vroeë ontstaansjare van die ZAR.

21 G. D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika,* 1842-1885, 1956, p. 13.

22 J. Ploeger, Ulrich Gerhard Lauts (1787-1865): Die skakel tussen Nederland en die Voortrekkers. In *Historiese studies* 1(4) Mei 1940, Universiteit van Pretoria, p. 17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Delagoabaai aangekom het die vrou en kindjie van die ander predikant, ds. Ham, ook gesterf en het hyself ook ernstig siek geword sodat hy met die *Brazilië* na die Kaap terug gekeer het.[23] In 1853 het ds. D. van der Hoff die eerste Hollandse predikant geword om homself in die ZAR te vestig. Hy het 'n somber beeld van die Transvalers gevorm en dit só aan 'n vriend van die Voortrekkers, prof. U. G. Lauts, in Nederland beskryf:

> De onkunde onder het opkomend geslacht, dat is te zeggen, tot den ouderdom van 40 jaren, is verregaande; natuurlik met enkele uitzonderingen. De ouden van dagen, die in die kolonie nog godsd. opvoeding genoten hebben, zijn nog eenigzins ervaren.... Het gros echter is verwilderd naar ziel en ligchaam... Schrijven of rekenen kunnen slechts weinigen, ja er zijn zelfs landdrosten en heemraden, die hun naam niet eens kunnen teekenen; wat het lezen aangaat, ja meest allen lezen, maar zóó dat er bijna geen jota van begrijpen....de jeugd hier verslons worde en de ongeleerdheid van dag tot dag toeneme.[24]

Hierdie brief toon dat Van der Hoff nie 'n hoë opinie gehad het van hierdie mense na wie se geestelike welsyn hy moes omsien nie en dus min respek vir hulle getoon het. Tydens 'n Algemene Kerkvergadering in 1853 in Rustenburg, met Van der Hoff as voorsitter, is sonder die medewete van die lidmate in die ZAR, besluit dat die enigste kerk wat in die ZAR erken sou word, die Nederduitsch Hervormde Kerk sou wees.[25] Daarbenewens, het Van der Hoff as predikant van die Hervormde Kerk in Nederland, die koverte ideaal gekoester dat dié Kerk se liberale ingestelheid in die ZAR uitgeleef sou word.[26] Hiermee is inlywing by die Kaapse Sinode ook afgekeer omdat dit na bewering 'n kanaal kon skep waarlangs die Engelse geestelike invloed die ZAR se vryheid sou bedreig.[27]

Die owerhede moes in hierdie sensitiewe omstandighede doelgerig daarna strewe om die staatkundige ontwikkeling op dreef te kry. Ten eerste was hulle vasbeslote om hulle onafhanklikheid van Brittanje te handhaaf. Tweedens wou hulle geen gelykstelling tussen blank en nie-blankes duld nie. En boonop het hulle ekonomiese

---

23 G. D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid- Afrika, 1842-1885*, 1956, p. 29.

24 *Ibid.*, p. 45.

25 J. S. du Plessis, Die Suid-Afrikaanse Republiek. In C. F. J. Muller (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse geskiedenis* (4e ed.), 1968, p. 225.

26 S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,* 1936, beskryf die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde kerk in Transvaal.

27 J. S. du Plessis, Die Suid-Afrikaanse Republiek. In C. F. J. Muller (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse geskiedenis* (4e ed.), 1968, pp. 225-226.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omstandighede hulle gedwing om uit hierdie isolasie los te breek en 'n roete na die see te verkry. Scholtz verduidelik dat politieke ontwikkeling na aanleiding van die Transvalers se onbeholpenheid op 'n baie informele basis bedryf is, en dat hulle besluite nie altyd proaktief oorweeg is nie. Dit het meegebring dat sekere besluite nooit uitgevoer is nie en ander besluite by 'n volgende geleentheid herroep moes word.[28] Hoewel moeilikhede met die opstel van die grondwet ontstaan het, is dit uiteindelik op 16 Februarie 1858 finaal aanvaar,[29] en hierin word die Nederduitsch Hervormde Kerk offisieël as die Transvaalse staatskerk geïdentifiseer.[30] Kort daarna, op 10 Februarie 1859, het die volgelinge van nog 'n Hollandse predikant, ds. D. Postma in Rustenburg, met 'n aantal "beswaarde" lidmate tot die stigting van die Gereformeerde kerk, wat meer ortodoks ingestel was, oorgegaan.[31] Die Lydenburgse gemeenskap wat voorheen met Utrecht 'n eie republiek gevorm het, het steeds by die Kaapse Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk ingeskakel gebly en in 1859 'n eie Hollandse predikant, ds. P. A. C. van Heyningen, gekry.[32] Bührmann as lidmaat van die Lydenburgse gemeente, was egter krities teenoor ds. Van Heyningen ingestel en het ook geen waarde aan ds. Van der Hoff se beloftes geheg nie.[33] Daar was nou drie kerkgenootskappe in Transvaal: Die Nederduits Gereformeerde Kerk van Lydenburg, die Gereformeerde Kerk van Postma en die Nederduitsch Hervormde Kerk van die staat. Verwarring en verdeeldheid het vanselfsprekend onder die burgers voorgekom wat hulle met die Kaapse Nederduitse Gereformeerde kerk vereenselwig het.[34]

Dit was in hierdie omstandighede wat die Joodsgebore Hollandse predikant, F. Lion Cachet, na wie reeds verwys is, 'n belangrike rol gespeel het. Cachet het

---

28 G. D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid- Afrika, 1842-1885,* 1956, p. 46.

29 J. S. du Plessis, Die Suid-Afrikaanse Republiek. In C. F. J. Muller (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse geskiedenis* (4e ed.), 1968, p. 226.

30 G. D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika,*. 1842-1885, 1956, p. 164.

31 Hierdie gebeure en die denkrigting wat daarmee gepaard gegaan het word volledig deur G. C. P. van der Vyver (red.), Ds Dirk Postma - God voorsien in nood. In *Die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika 1859-1959 se gedenkboek,* 1959, pp. 13-28, beskryf.

32 S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,* 1953, p. 199.

33 M. J. Swart, Die aandeel van H. T. Bührmann in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1890. D. Phil. Verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1956, p. 419.

34 G. D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid- Afrika,* 1842-1885, 1956, pp. 149-156.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reeds in Nederland die Christelike geloof aangeneem, maar sy Joodse oorsprong sou telkens weer ter sprake kom. Vanweë die leervryheid wat aan die Europese universiteite geheers het, het hy verkies om aan die seminarie van die Vrye Skotse Kerk in Amsterdam, sy teologiese opleiding te ontvang. Cachet se ideaal was dat 'n predikant, as 'n sendeling en medikus óók na die fisieke liggaam se welvaart moes omsien, derhalwe het hy hom reeds in Nederland as 'n paramedikus bekwaam.[35] Maar Cachet het geglo dat die mens se fisieke welsyn nie ten koste van siele welsyn moes geskied nie. In 1862 is hy by die Kaapse Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk gelegitimeer en as predikant van die Nederduitse Gereformeerde gemeente te Ladysmith beroep. In hierdie hoedanigheid het hy ook as konsulent vir buurgemeentes soos Harrismith in die Vrystaat en vir Utrecht en Lydenburg in Transvaal diens gedoen waar "oom Henderik Buurman [H. T. Bührmann] die goffernements zijn sukkretaris (sic)...[36] was."[37] As konsulent was Cachet dikwels te perd of per ossewa op reis om huisbesoek te doen en gemeentes te stig. In hierdie hoedanigheid was hy by die stigting van 'n gemeente op die plaas van mnr. L. de Jager in Transvaal betrokke:

> Waar daar aan mij de eer gegund werd om de kerkplaats een naam te geven, noemde ik die Ermelo, in dankbare gedachtenis aan de plaats in Holland waar ik zoo veel goeds genoten had, en in de hoop dat de heer ook in dit Ermelo, Zijn kracht zou willen openbaren in de bekeren van velen.[38]

Die gemeente Amersfoort het ook sò onder sy leierskap tot stand gekom toe twee boere grond aan die Skulpspruit vir die Nederduits Gereformeerde Kerk geskenk het en hy dit op versoek Amersfoort, na 'n stad in Nederland, vernoem het.[39]

Toe Cachet vir 'n derde keer na Utrecht beroep is, het hy dus reeds 'n omvangryke kennis van die omstandighede in die ZAR gedra. Nadat president M. W. Pretorius by hom aangedring het om die beroep aan te neem[40] en hom verseker het dat sy salaris

---

35 TAB, SS 239 R 234/77. Re: 'n basiese medise opleiding en op 20 Desmeber 1870 reeds 'n lisensie gehad het om in medisyne te praktiseer, 1877.

36 M. de Vries (Klaas Waarzegger), *Die Geskiedenis van die Transvaal,* 1881, p. 28, "in die eige Boere sijn taal" geskryf.

37 G. D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika,* 1842-1885, 1956, p. 189.

38 F. Lion Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika: Brieven aan een vriend* (1 en 11), 1. 1875, pp. 93-115; B. P. J. Erasmus (red.), *Op pad in Suid-Afrika*, 1995, p. 173.

39 B. P. J. Erasmus (red.), *Op pad in Suid-Afrika*, 1995, p. 170.

40 *De Volksstem*, 28 November 1873.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 3000 riksdalers per jaar betaal sou word, het die beroep hom welgeval.[41] Die President het gemeen dat Cachet 'n middel kon wees "om kerkelyke zaken in de republiek recht te maken en tot grote zegen te zyn."[42] Hierdie uitdaging het spoedig gekom toe hy in 1865 'n kerkvergadering te Rustenburg moes bywoon. Tydens hierdie vergadering was dit reeds duidelik dat die gemeentes onder die sorg van die Nederduitsch Hervormde predikante 'n eie rigting sou inslaan en dat van hereniging met die Nederduits Gereformeerde Kerk geen sprake sou wees nie. Hierdie samesprekings, met Cachet aan die een kant, en verteenwoordigers van die Nederduitsch Hervormde Kerk (di. G. W. Smits en N. J. van Warmelo) aan die ander kant, het oor die leer van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR gegaan.[43] 'n Onenigheid het onder hierdie Hollandse teoloë ontstaan aangesien die liberale denke van die Nederduitsch Hervormde predikante van dié van die gematigde Cachet verskil het. Daarbenewens het die *Beswaardes* reeds by die Gereformeerde Kerk van Postma ingeskakel, wat ook as ortodokse denkers in verset teen die liberalisme was.[44] In hierdie tydperk het Cachet met Bührmann kennis gemaak met wie hy 'n lang en hegte vriendskap gedeel het. Albei is soms as hardkoppig beskou aangesien hulle beginselvas was en by hulle standpunte gehou het.[45]

Tydens 'n kerkvergadering in November 1865 in Pretoria (di. Smits, A. J. Begeman en D. van der Hoff was teenwoordig) het Cachet die stelling gemaak:

> De kerk is nooit geraadpleegd geworden omtrent de naamsverandering, [Hervormd in plaas van Gereformeerd] en heeft geen kennis van het Gouverment dienaangaande ontvangen; dus is de naam der kerk nog Gereformeerd.[46]

Smits het gereageer en daarop gewys dat "Nederduitsch Hervormd en Nederduitsch Gereformeerd" sinonieme sou wees en dat die naam Hervormd gebruik sou word. Nadat Cachet daarop gevra het wat die belydenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk was, kon hy vasstel dat geen belydenis met die naamsverandering in die

---

41 TAB Staatsekretaris vaan die ZAR (SS) 62 123/64. Re: Lion-Cachet na Utrecht beroep. Cachet aanvaar dit en het die Staatspresident daarvoor bedank.

42 F. G. M. du Toit, *Eufeesgedenkboek van die gemeente Pretoria 1854-1954,* 1954, p. 16.

43 F. Lion Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika: Brieven aan een vriend* (1 en 11), 11, 1875, p. 15.

44 G. C. P. van der Vyver (red), Ds Dirk Postma - God voorsien in nood. In *Die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika 1859-1959 se gedenkboek,* 1959, pp. 13-28.

45 M. J. Swart, Die aandeel van H. T. Bührmann in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1890. D. Phil Verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1956, p. 452.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kerkelike reglement opgeneem is nie. Die Nederduitsch Hervormde predikante het prontuit verklaar dat "de belydenis staat niet in de wet en ik zou my wel wachten dié er nu in te brengen."[47] Hieruit was dit duidelik dat die onenighied nie net om *'n naam* gegaan het nie maar dat die leierskap van die nuwe staatskerk nie bewys van hulle belydenis kon lewer nie. Maar Cachet het dit noodsaaklik geag dat die leerstellinge van die kerk in sò 'n jong staat duidelik uitgespel moes wees. In die lig van tydsomstandighede was sy versoek nie onbillik nie omdat die Hervormde Kerk in Nederland só vêr op die pad van die liberalisme gevorder het, dat dit nie ook in die ZAR geduld kon word nie.

Cachet se bydrae aan dié vergadering het wel dié uitwerking gehad dat Van der Hoff en Begeman die opdrag ontvang het "om eene onderteekenings-formule voor de predikanten hier te lande zamen te stellen en aan de eerstvolgende vergadering voor te leggen."[48] Maar Cachet kon hom en sy gemeente nie met die vereniging van die Nederduitsch Hervormde Kerk vereenselwig nie. Hiermee het hy sy voorneme te kenne gegee om die Transvaal te deurreis om kerklidmate op hoogte van sake te bring:

> En indien mogenlijk, onze oude Gereformeerde Kerk in het land te herstellen. Met laakbare hilariteit werd daarop door den voorzitter, ds. Smits, geantwoord, 'dat hij mij Gods zegen op mijne reize toewenschte'.[49]

Die betekenis van Cachet se ingesteldheid vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk, tot en met sy vertrek na Holland in 1873, was tweeledig: Eerstens het hy heroweringswerk vir die kerk gedoen deur Transvaal te deurreis om bande opnuut met die gemeentelede te smee en gemeentes te stig. Nadat hierdie gemeentes van die gevaar van verdwyning van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gevrywaar was, kon hy sy tweede doelwit nastreef. Dit was om die gemeentes in Sinodaleverband saam te snoer en te poog om predikante vir Transvaal te werf. Dit het vereis dat hy hom goed moes voorberei en sy posisie met sy eie gemeente te Utrecht moes uitklaar, deur aan hulle die volle besonderhede van die kerkvergadering mee te deel.

---

46 F. Lion Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika: Brieven aan een vriend (1 en 11)*,11, 1875, p. 15.

47 F. Kriel, *Die lewe van Frans Lion Cachet, met besondere toespitsing op die Sending*, s.j., p. 53.

48 F. G. M. du Toit, *Eufeesgedenkboek van die gemeente Pretoria 1854-1954*, 1954, p. 17.

49 F. Lion Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika: Brieven aan een vriend (1 en 11)*, 11, 1875, p. 40.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy het ook 'n brosjure saamgestel om die gemeenskap in die ZAR oor die kerklike omstandighede in te lig.[50] Cachet se teenkanting teen die stand van sake het daartoe bygedra dat hy sy beloofde staatsalaris verbeur het toe sy gemeente in Utrecht nie by die Nederduitsch Hervormde Kerk wou inskakel nie.[51] Dié gemeente moes onder moeilike omstandighede vir sy salaris voorsiening maak sodat hy opgemerk het: "Doch wie telt moeilijkheden als hij gevoelt dat hij in een goed werk bezig is?"[52]

Cachet se teenkanting teenoor die liberalisme het meegebring dat hy twee reise deur die hele Transvaal per ossewa, perdekar en te perd onderneem het. Op die eerste reis het 'n kerkraadslid hom vergesel en was hulle vir vier maande op reis. Die tweede reis, waartydens hy deur twee Stellenbosse proponente vergesel is, het ses maande geduur. Gedurende hierdie reise is gemeentes gestig, kinders gedoop, siekes versorg, pare getrou en godsdiens gehou op die talle plekke waar hulle oorgeslaap het. Dié reise het heelwat ontberinge ingehou omdat paaie dikwels onbegaanbaar was, of selfs nie bestaan het nie. Dit was ook tydens reënweer gevaarlik om die vol driwwe aan te durf sodat die reise tydsaam verloop het. Saans was die Suiderkruis aan die sterrehemel 'n simbool van God se liefde en waaksaamheid sodat hulle gerus was dat hulle vroue en kinders tuis veilig sou wees.[53] Tydens een van hierdie reise het hulle vir Begeman en Van Warmelo in Comaté (die omgewing van die Komatirivier) raakgeloop wat die opdrag gehad het om "die werk wat die Jood onderstebo gekrap het, reg te maak."[54]

In 1866 het Cachet ook op pad na Lydenburg 'n nuwe gemeente gestig wat op sy aanbeveling Nazareth genoem is en waar hy in 1867 die kerk se hoeksteen gelê het. Die dorp is later Middelburg genoem omdat die naam Nazareth vir president T. F. Burgers aan melaatsheid herinner het.[55] Gedurende hierdie reis het hulle ook Wes-Transvaal aangedoen waar kommandant J. Viljoen hulle by 'n drif naby Marico

---

50 G. D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk va Suid-Afrika,* 1842-1885, 1956, p. 198.

51 TAB, SS 62 1122/64. Re: skrywe van die kerkraad van die N.G. gemeemte te Utrecht om ontvangs te erken en SS 62 1124/64 om dank te betuig vir aanstelling, 1864.

52 F. Lion Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika: Brieven aan een vriend (1 en 11),* 11, 1875, p. 126.

53 *Ibid.*, p. 8.

54 F. Kriel, *Die lewe van Frans Lion-Cachet, met besondere toespitsing op die Sending,* s.j., p. 70.

55 B. P. J. Erasmus (red.), *Op pad in Suid-Afrika,* 1995, p. 168; *De Volkstem* 31 Oktober 1874 berig dat die uitvoerende Raad die naam Nazareth na Middelburg verander omdat dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorgekeer en beveel het om terug te draai, omdat hulle daar sonder Van der Hoff se toestemming was. Dit het tot 'n onderonsie gelei waartydens Viljoen vir Cachet met 'n sambok bygedam het. Cachet het egter die reis in die donker te voet voortgesit, 'n gemeente gestig en geen klag teen Viljoen gelê nie.[56]

Kort voor Cachet se vertrek na Nederland is sy gemeente deur die *Gouverment* in 'n skrywe ingelig wat "hem het regt om huwelyken te bevestigen is ontnemen." Hierop het die gemeente gereageer deur die regering met agting daarop te wys dat hulle die predikant aangestel en betaal het en dus besluit het dat hy met sy pligte kan voortgaan.[57] Hoewel hy die grondslag daarvoor gelê het dat die liberalisme nie in die ZAR sou seëvier nie, het hy hom tydens sy afskeidspreek afgevra of hy nie dalk tevergeefs gearbei het nie. Hy het gevoel dat sy drome vir die Nederduits Gereformeerde Kerk en sending in die ZAR, nie gerealiseer het nie.[58]

Gedurende hierdie typerk het sy broer, J. Lion Cachet, wat ook teen die liberalisme gekant was, by die Gereformeerde Kerk aangesluit en as 'n onderwyser onder die leierskap van Postma in "de ossewagen maar meest zijn studievertrek was" in die teologie gestudeer.[59] Na afloop van sy studies in 1868 word hy predikant in Rustenburg, maar in 1869 het hy 'n beroep na die Gereformeerde gemeente en nuutgestigte Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Burgersdorp aangeneem.[60] Gedurende J. Lion Cachet se bediening in Rustenburg het hy met *Beswaardes* wat van voornemens was om land uit te trek, kennis gemaak:

> Hulle "bestemming is niets minder dan de Zambezi, Gosen, Kanaän of Damaraland en de redenen voor de voorgenomen beweging zyn 'de ongodsdienstigheid' der Regering, de geheele vrymaking der gekleurden en de onbestaanbare wetten.[61]

Hierdie groep wat in 1875 besluit het om te trek wou J. Lion Cachet graag na Angola beroep, maar dit was nie prakties moontlik om hom mee te neem nie. In

---

halfpad tussen Pretoria en Lydenburg geleë sou wees.

56 F. Kriel, *Die lewe van Frans Lion-Cachet, met besondere toespitsing op die Sending,* s.j., p. 68-75.

57 TAB, SS 147 R 954/ 72. Re: notule van die kerkvergadering 12 Julie, 1872.

58 F. Kriel, *Die lewe van Frans Lion-Cachet, met besondere toespitsing op die Sending,* s.j., pp. 68-75.

59 J. L. Ras, Jan Lion Cachet as kerkman (1865-1912). Theologiae Doctor.-Verhandeling van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1981, pp. 13-14.

60 *Ibid,* pp. 32-35; D. G. Venter, Jan Lion Cachet. In G. C. P. van der Vyver (red.), *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959 se gedenkboek,* 1959, pp. 37-44.

61 *De Volksstem,* 5 September 1873.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1880 het hulle "de vreeselijke nood en armoede" ondervind sodat hy verlof geneem het om na St. Januario, Humpata te gaan om hierdie trekboergemeentes in hulle nood te bedien.[62] In Desember 1881 het J. Lion Cachet en P. F. de Villiers na 'n lang reis in Mossamedes aangekom, waar hulle beleef deur die Portugese goewerneur ontvang is, voordat hulle die gemeentes besoek het.[63] Met sy terugkoms het hy volledig verslag gedoen oor die moeilike omstandighede waarin die trekboere wat van die "liberale" regering weggevlug het, hulle bevind het.[64]

F. Lion Cachet het weens sy vasberadenheid vyande gehad sodat sy Joodse afkoms dikwels ter sprake was. Cachet se vriend, ene ds. Huet van Ladysmith in Natal, het ter versagting opgemerk:

> Veracht om zijn Joodsche afkomst, hem voordurend ook door de predikanten der Hervormde Kerk verweten...met allerlei tot de onzinnigste...geruchten omtrent hem in de omloop, verspreid...door menschen van wie men andere en betere dingen had kunnen verwachten.[65]

Cachet se bekering tot die Christendom het hom dus nie van sy Joodsheid ontneem nie omdat "sommige Christene" geneigdheid toon om liefdeloos, met "passion...hate or anger"[66] op te tree en sondebokke[67] te soek as iets in die gemeenskap na hulle oordeel verkeerd gaan. Die anti-Semitisme wat sò ontstaan het, was eintlik te wyte aan die gees van liberalisme wat gedreig het om die kerke in Transvaal se denkwyse, te beïnvloed. Maar ten spyte van velerlei emosionele teenkantings wat Cachet ervaar het en hy die ZAR in 1873 verlaat het, was daar geen gevaar dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal sou verdwyn nie.[68] Die kerklike onmin, oftewel twis, sou egter vir jare voortduur omdat die liberales Cachet in sy afwesigheid steeds blameer het dat hy, as 'n *paap-rebel*[69] opgetree het, dit wil sê dat hy soos die Roomse Kerk op 'n Inkwisisie ingestel sou wees. Maar die Volksraadslid, die geassimileerde

---

62 J. Lion Cachet, *Gedenkboek der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika.* 1909, pp. 153-163; J. L. Ras, Jan Lion Cachet as kerkman (1865-1912). Theologae Doctor Verhandeling van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1981, pp. 125-144.

63 *De Volksstem* 11 Januarie en 1 Maart 1882.

64 *Ibid.*, 22 Maart 1882.

65 F. Kriel, *Die lewe van Frans Lion-Cachet, met besondere toespitsing op die Sending,* Pretoria, s.j., p. 32.

66 J. P. Sartre, *Anti-Semite and Jew,* 1965, p. 17.

67 A. H. Jonker, *The scapegoat of history*, 1941, pp. 150-155.

68 G. D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid- Afrika,* 1842-1885, 1956, p. 246.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jood, Bührmann, het sterk te velde getrek teen die Nederduitsche Hervormde predikant Van Warmelo, wat dit pertinent gestel het dat "de Ned. Ger. Kerk [en den heer Cachet] als eene groote zonde en ramp voor de Transvaal" sou wees en Cachet van "papisme" beskuldig het.[70] Bührmann se mening was:

> De groote roeping van de Ned. Geref. Kerk in de Transvaal is om een dam op te werpen tegen het Liberalisme. En wij verblijden ons er over dat dit ons voor een groot deel reeds gelukt is.[71]

Die Lion Cachet-broers, was soos die vroeë Christenteoloë, oortuig daarvan dat *Lig* oor die *Duisternis* moes seëvier, sodat hulle inisiatief en deursettingsvermoë vir die Gereformeerde en Nederduits Gereformeerde Kerkgenootskappe, 'n onberekenbare invloed gehad het.

Die ekonomie was gedurende die vroeë ZAR-jare eweneens in 'n swak toestand. Dit was só onstabiel dat privaatfirmas dikwels hulle eie geldstelsel, papiergeld ("blue backs") of "*good-fors*", wat karton-geld was, uitgegee het. Sophie Leviseur, 'n Jodin van Bloemfontein, onthou dat die oorloë met die inboorlinge in Transvaal en die Vrystaat veral op ekonomiese gebied sy tol geeïs het, sy vertel dat:

> The Transvaal was very, very poor, the Boers very much more backward than our Free Staters. Even in my day the Transvaal Boers were considered a very poor class, eking out a miserable existence, living in 'hartbees' houses, quite uneducated. There were no markets for their produce, and they would come in wagons from the Western Transvaal to sell oranges, biltong, skins and wool in Bloemfontein. My father [Isaac Baumann] was one of the men they traded with.[72]

Voorts verduidelik sy dat haar vader, net soos die ander vroeë Joodse entrepeneurs in Transvaal, probleme ervaar het om voorrade aan te koop en om handel winsgewend te bedryf omdat probleme met skuldenaars, transportryers, droogtes en oorstromings ontstaan het. Daarby moes hulle as handelaars uit die vreemde hulle wortels in 'n onontwikkelde land vind,[73] sodat geldnood en bankrotskappe vanselfsprekend onder hierdie vroeë handelaars voorgekom het.

---

69 *De Volksstem*, 23 Mei 1877.

70 *Ibid.*, 17 31 Januarie 1874, 30 Mei 1874.

71 *Ibid.*, 23 Mei 1874; C. de Jong, Dullstroom 1884-1984. In *Contree* No 17, Januarie 1985, p. 30 beweer egter dat Bührmann aan die Hervormde Kerk behoort het.

72 K. Schoeman (ed.), *Sophie Leviseur Memories*, 1982, p. 25.

73 *Ibid.* Kyk ook na S. P. du T. Viljoen, Die Boerestate tot 1870. In A. J. H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Deel 11), 1951, pp. 216-239 waarin hierdie sosiale omstandighede breedvoerig omskryf word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kommersiële boerdery was ook nie in die Oos-Transvaal lonend nie aangesien die reis na die naaste markte in Natal 'n maand geduur het. Die meeste boere kon ook nie meer as tien mud koring op hulle waens laai nie, Cachet verduidelik:

> Kwamen zij dan daarmede en met wat leder, tabak, en gedroogde vruchten in Natal, dan bracht de gansche vracht somtijds veertien tot achttien pd. st. op en soms niet eens zoo veel: en voor die geringe som moesten dan de benoodigheden voor een geheel jaar wat koffij, suiker, rijst, wat ongebleek katoen, voersits, een winning kruid en lood en een paar kledingstukken werden gekocht.[74]

Daarbenewens het sò 'n reis sy tol geëis. Gewoonlik was die wa tydens die lang reis beskadig, die osse het soms siek geword en vol riviere het die reis vertraag. Tuis aangekom "dan vondt men misschien de tuinen en landerijene door het vee of de Kaffers[75] vernield, het huis door rondlopende Kaffers opengebroken, terwijl de ossen, die mede op tocht gehad had, zoo mager waren, dat ze vooreerst tot niets gebruikt kunnen worden."[76] Dit het meegebring dat die boere lewensmiddele hoofsaaklik vir eie gebruik en vir ruilhandel met Joodse smouse wat hulle gereeld besoek het, geproduseer het. Hulle moes ook baie spaarsaam leef, Cachet het opgemerk: "Een goede boer bouwt, als hij op een plaats komt, een *klein* huisje voor hem en zijn gezin, en een *goed, groot* huis voor zijn wagen of wagens; een boer die zijn wagen aan wind en weêr blootstelt is, als boer, niet veel waart."[77] So 'n groot *wagenhuis* kon ook vir sosiale geleenthede, soos vir kerkdienste en begrafnisse, gebruik word. Oor die eenvoudige leefwyse op die boereplase het ene W. E. Beetje, opgemerk dat 'n besoeker eers genooi is om af te saal, waarna almal met die hand gegroet is, pyp gestop is en hulle saam koffie gedrink het.[78] Dorpe in die Transvaal was klein en landelik, maar dorpstuine was in oorvloed begroei met gewasse soos koffie, suiker en katoen. Daarbenewens was

---

74 F. Lion Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika: Brieven aan een vriend (1 en 11),* 11, *1875,* p. 75.

75 *Ibid.* Cachet verduidelik dat die woord '*Kaffir*', 'Kafir' '*Caffir*' of '*Kaffer*' algemeen as 'n versamelnaam vir inboorlingbevolking van die Arabiese woord '"*Kfir*" *de naam door de Arabieren gegeven aan alle (doch bijzonder aan de bewoners van Zuid-Oostelijk Afrika) die den mohomedaanscehn godsdienst verwerpen,*" deur Europeane oorgeneem is en gewoonlik met eerbied gebruik is.

76 *Ibid.*

77 *Ibid.*, p. 55.

78 *De Volksstem*, 11 April 1883. Hierdie artikel *Life among the Boers* is veral vir die kultuurhistorikus relevant. Hierins vertel W. E. Beetje (skuilnaam vir wag 'n bietjie?) breedvoerig hoe vreemd die boere se leefwyse en alledaagse gebruike vir die buitelandse handelaars voorgekom het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*t*abak*plantaadjes* (aanplantings), vrugteboorde en koringlandjies ook kenmerkend van dorpstuine.[79]

Nadat die ZAR grondwet in 1858 aanvaar is, was die volgende uitdagings om wet en orde te handhaaf en om 'n doeltreffende ekonomiese stelsel op te bou. Met die ontginning van goud vanaf 1873 in Oos-Transvaal het die ontluikende mynwese meegebring dat heelwat vreemdelinge, waaronder talle Jode getel het van oorsee Transvaal binnegekom het. Dit het die gevolg gehad dat 'n dringende behoefte aan landbou- en nywerheidsontwikkeling ontstaan het om lewensmiddele vir die groeiende bevolking, te produseer en te bemark. Daarbenewens het vervoerstelsels dringende aandag geverg om aan die eise van 'n ontwikkelende gemeenskap te voldoen in 'n staat waar "De Arbeidskwestie," reeds van vroeg af problematies was.[80] Dié "arbeidskwestie" is daaraan toegeskryf dat "gekleurde arbeiders in dese kolonie...ondersteund worden door de onvolledige onbestaanbare Meesters- en Bediendenwet en de misplaaste sijmpatie hunner Engelsche beschermheeren."[81] Twee jaar later is hierdie *Arbeidskwestie* tydens 'n openbare byeenkoms in Pretoria bespreek met die doel om gesamentlik ooreen te kom om 'n "eenvormige huurloon te betalen," en maatreëls neer te lê om die arbeidsprobleem te bekamp.[82] Tydens openbare vergaderings in 1876 is "The question of the day", naamlik die arbeidsvraagstuk "het gebrek, de onbestendigheid en onzekerheid van arbeiders" wat reeds in 1875 akuut was[83] weer bespreek. Dié vraagstuk het ontstaan deurdat arbeiders by die diamantmyne in Kimberley hoë lone[84] en ammunisie verkry het en nie gretig was om elders teen laer lone te werk nie. 'n Komitee het die vraagstuk ondersoek en sekere voorstelle aan die vergadering gedoen wat druk bespreek is. Die Jood, De Vries het daarop gewys dat wetgewing nie die inboorlinge kon dwing om hulle dienste aan te bied nie en dat dit elke ondernemer sou vrystaan "to [go] to kafir kraals and [get] labour."[85] In 1884 het die "Kafir pass question" ontstaan nadat

---

79 *Ibid.*, p. 14.

80 *Ibid.*, 13 Oktober 1873.

81 *Ibid.*, R. Turrell, Diamonds and migrant labour in South Africa, 1869-1910. In *History Today* 36 March 1986, pp. 45-49 verduidelik hoe die arbeidsvraagstuk by die diamantmyne ontwikkel het en implikasies wat dit later vir arbeidsverhoudings ingehou het.

82 *De Volksstem*, 5 Februarie 1865.

83 *Ibid.*, 18 Desember 1875.

84 R. Turrell, Diamonds and migrant labour in South Africa, 1869-1910. In *History Today*, 36, March 1986, pp. 45-49, word hierdie arbeidsverhoudings volledig uiteengesit.

85 *De Volksstem*, 18 Desember 1875.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gerugte die rondte gedoen het dat konsessies aan sekere ondernemers toegestaan is om passe aan Swartes uit te reik. Jode soos Cohen en G. de Pass se beswaar was dat dit sommige ondernemers ten koste van ander sou bevoordeel.[86]

Onluste wat van tyd tot tyd met die inboorlingstamme waarvandaan arbeiders gewerf is voorgekom het, het genoodsaak dat blankes ook hulle gemeenskappe moes verdedig. Vir Cachet wat in Nederland aan 'n behoorlike staatsbestuur gewoond was, het die wanordelike ZAR-regering en die *Kerkkwestie,* begryplik rede tot kritiek verleen. Die verkiesing van die gewese predikant, T. F. Burgers, in 1872 as president van die ZAR, was vanweë sy liberalisme, vir Cachet nie net onaanvaarbaar nie[87] maar ook onverstaanbaar.[88]

Die ontwikkeling van die onderwysstelsel in die ZAR is volgens 'n historikus, J. Ploeger, 'n "verhaal van menigvuldige pogings wat sowel van die kant van die owerheid as die kant van die kerkgenootskappe en private persone aangewend is om die jeug in die langsaam-groeiende dorpe van onderwysgeriewe te voorsien."[89] Daarbenewens was daar 'n nypende gebrek aan bekwame onderwysers sodat van opgeleide Hollandse onderwysers gebruik gemaak moes word. Die leerlinge moes kon leer lees en skryf en het Bybelgeskiedenis, rekenkunde, sang, verstandoefening en in taalkunde onderrig gekry. Dit was ook wenslik dat kinders in Nederlands en Engels onderrig sou ontvang.[90] Maar onderwys vir die kinders op die plase was problematies:

> De boeren kunnen hunne kinderen niet naar de dorpen zenden om skool te gaan; het is veel te kostbaar, te tijdrovend en in vele opzichten, ook uit een zedelijk oogpunt beskouwd, te gewaagd. Nu engageert men een hollandschen of engelschen schoolmeester...aan een tiental kinderen onderricht geeft in de gewone vakken van lager onderwijs in het hollandsch of (en)

---

86 *Ibid.*, 11 Februarie 1882.

87 *Ibid.*, 22 Januarie 1878. In 'n brief aan die Hollandse koerant *Nieuws van den Dag* van 29 November 1877 gepubliseer is, het president Burgers hom hieroor uitgespreek en gevra: Dat die lesers nie daarvan kennis moes neem nie omdat "de geschiedenis zal eenmaal recht spreken tusschen ons."

88 *Ibid.*, 4, 18 November 1876. Briewe toon dat steun en teenkanting getoon is vir F. Lion Cachet, se kritiek teen Burgers as president. 'n Skrywer het Cachet egter verkeerd vertolk sodat S. J. P. Kruger dit in die pers reggestel het. 'n Liberale kieser onder die skuilnaam "Een Middeltrekker" het vir Cachet as 'n ortodokse veroordeel.

89 J. Ploeger, Onderwys in Pretoria. In S. P. Engelbrecht, J. A. I. Agar-Hamilton, A. N. Pelzer and H. P. H. Behrens, (Samestellers), *Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die Stad Pretoria*, 1955, p. 195.

90 *Ibid.*, pp. 196-203.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> engelsch, de bijbelsche geskiedenisch en het 'kort bergip' laat leeren.[91]

Teen die sestigerjare was daar reeds sendingstasies in die Transvaal soos dié te Botshabelo (naby Nazareth, tans Middelburg)[92] waar inboorlingkinders deur Duitse sendelinge onderrig is. Hoewel Cachet die sendelinge goedgesind was, het hy dit betreur dat "de belangen der kaffers in Europa door Engelsche, Schotsche, Fransche en Duitsche Christenen [sendelinge] behartig werden, heeft man in de geestelijken nood onzer stamgenooten bijna niet gedacht."[93] Die staatskole was egter net vir Protestantse kinders toeganklik sodat Jode eers teen 1890, toe getalle dit regverdig het, 'n privaat Joodse skool in Johannesburg kon open.[94]

In hierdie besondere turbulente sosio-ekonomiese, politieke en godsdienstige omstandighede moes die Joodse pioniers hulle vestig en die trauma van ontworteling oorkom. Dit het meegebring dat die Jode in die ZAR om 'n bestaan te maak baie veelsydig moes wees en dikwels gelyktydig op verskeie wyses om ekonomies te oorleef ingestel was. In die openbare sektor het hulle byvoorbeeld as klerke, balju's en vrederegtes gedien. In die privaatsektor was Joodse ondernemers veral as regsgeleerdes, handelaars, agente, en delwers bedrywig. Met verloop van tyd het hulle as individue en ook in maatskappye, waarin *Gentiles* ook opgeneem is, industrieë ontwikkel, hotelle en herberge geopen en in enkele gevalle, boerderye bedryf.

JOODSE DEELNAME IN DIE OPENBARE EN PRIVAATSEKTORE

Jode het reeds van vroeg af as smouse, handelaars, prospekteerders, fortuinsoekers en jagters in die hele ZAR rondbeweeg, maar ekonomiese ontwikkeling het hoofsaaklik in Pretoria en aan die Oos-Transvaalse goudvelde ontstaan. Hoewel prospekteerders soos die Jood, I. Sonnenberg en die *Gentile* P. J. Marais, na

---

91 F. Lion Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika: Brieven aan een vriend* (1 en 11), 1, 1875, p. 130.

92 L. Changuion, Die uitbreiding van sendingbedrywighede gedurende die 19e eeu. In J. S. Bergh (red.), *Geskiedenis atlas van Suid-Afrika: Die vier Noordelike Provinsies*, 1999, pp. 259-263.

93 F. Lion Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika: Brieven aan een vriend* (1 en 11), 1, 1875, p., p. 66.

94 D. L. Sowden, In the Transvaal till 1899. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, pp. 160-162.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bewering reeds in 1853 tekens van goud in die Transvaal ontdek het, het Marais se delwerskontrak hom verbied om inligting daaroor te versprei, aangesien president Pretorius gemeen het dat dit net vreemde fortuinsoekers sou aanlok wat die ZAR se onafhanklikheid sou bedreig. In 1870 het die Volksraad sy beleid verander en verklaar dat mineraleregte aan die Staat sou behoort en besluit om 'n Goudwet in te stel waarvolgens gedelf kon word.[95] Maar die Lydenburgse gebied waar goud in 1873 ontdek is, was hoofsaaklik in 'n onherbergsame wildernis met min paaie en onbegaanbare driwwe geleë, sodat die delwerspioniers se aktiwiteite gevaarlik en uitdagend was. Dié delwers se deursettingsvermoeë en volgehoue aktiwiteite het ook ontwikkeling in die streek meegebring sodat paaie oor die riviere en bergpasse gebou moes word, soos wat die Jood M. Hayman die owerhede ingelig het.[96] 'n Ander Jood, H. H. Solomon, wat voorheen die burgemeester van Port Elizabeth was, was een van die eerste Jode wat in 1874 na die Lydenburgse goudvelde vertrek het. Solomon het met 'n *passagierswagen* op die plaas aangekom wat hy van Marais namens 'n maatskappy gekoop het en waarop Pilgrim's Rest tans geleë is.[97] In 1875 het Solomon reeds goud ter waarde van £6 000 na Brittanje geneem om die Britte te oortuig van die egtheid van die goudvelde om sodoende beleggers se vertroue te wen om die goudvelde te ontwikkel.[98]

Die Sonnenbergbroers, I. en C., was Duitse Jode wat in 1874 'n tak van hulle besigheid in Kimberley en in Lydenburg geopen het, waar hulle as "Direct Importers and Wholesale merchants" die hoogste pryse vir "gold dust" en lanbouprodukte sou aanbied.[99] Maar in 1877 het I. Sonnenberg aangekondig dat hy van voornemens was om die Transvaal permanent te verlaat en het die Hollandse Jood, De Vries wat as afslaer in vennootskap met Marais opgetree het, opdrag gegee om op 'n openbare veiling (sonder reserwe) al sy eiendomme noord van die Vaalrivier te verkoop. Dié advertensie, het Sonnenberg, wat vir sy sin vir humor bekend was, afgesluit met die

---

95 J. R. Shorten, *The Johannesburg saga*, 1970, pp. 49-50.

96 In 'n brief aan *De Volksstem* 5 Augustus 1882, skryf M. Hayman dat die pad oor die berge sò gevaarlik was dat waens maklik omgeslaan het en dat agtien osse nodig was om so 'n wa weer op sy wiele te kry.

97 *De Volksstem*, 19 September 1874.

98 S. A. Rochlin, The early goldfields. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, p. 139; L. Herrman, *A history of the Jews in South Africa from the earliest times to 1895*, 1935, pp. 237-242.

99 *De Volksstem*, 4 Julie 1874.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

woorde: "God Save The Buyers."[100] Maar dié rustelose Sonnenberg het later weer na Transvaal terugkeer om vir goud naby Kromdraai te prospekteer en aan die ontwikkeling op die goudvelde mee te doen.[101]

Die bekende Hongaarse Jood, A. H. Nellmapius, het as 'n ses-en-twintigjarige ingenieur in 1874 uit Budapest, by die Oos-Transvaalse goudvelde aangekom. Nellmapius wat in Holland as 'n siviele ingenieur opleiding ontvang het, het ook kennis gedra van die wyse waarop A. Nobel in 1866 dinamiet ontwikkel en bedryf het. Nellmapius het tydens sy seereis na Suid-Afrika met J. X. Merriman 'n kajuit gedeel en het met dié vaart met ander Uitlanders kontakte opgebou en die Engelse taal bemeester. Hierdie verfynde Jood het die hele afstand tussen Delagoabaai en die goudvelde by die Macmacmyn naby Lydenburg, te voet oor die berge, deur vol riviere en 'n bosveld vol wilde diere, afgelê. Tydens hierdie staptog, wat veertien dae geduur het, het inboorlinge vir hom as gidse en draers opgetree.[102] Dié kennis waaroor hy beskik het en die ervarings wat hy tydens sy tog opgedoen het, kon hy in die Pilgrim's Rest-omgewing suksesvol in die ontwikkeling van sy kleims toepas. Nellmapius was ook gelukkig genoeg om sy kleims op plekke af te pen waar die gouderts van 'n besondere hoë gehalte was. Maar, hy het gou besef dat mynbou in Suid-Afrika alleenlik suksesvol ontwikkel kon word indien die ou uitgediende tegnieke wat gebruik is met meer doeltreffende metodes vervang sou word. Hy het sy onderneming as 'n delwer begin deur twintig blankes en twee honderd nie-blankes in diens te neem. Dit het beteken dat hy een van die eerste werkgewers was wat in hierdie omgewing as 'n ondernemer gereken kan word.[103]

Maar Nellmapius was besonder ondernemend en het sy kreatiewe denke en akademiese agtergrond op verskillende maniere benut. 'n Goeie voorbeeld was toe hy vir hom 'n woning op die tradisionele inheemse wyse uit hout en klei laat bou het. Hy het sy tuin vol vrugte en groente beplant sodat hy spoedig sy inkomste met die skaars produkte uit sy tuin aangevul het. Hy was ook altyd op sy voorkoms gesteld en met sy joviale persoonlikheid was hy baie gewild onder die

---

100 *Ibid.*, 9 Mei 1877.

101 E. Rosenthal, The Jewish gold pioneers. In M. De Saxe and I.M. Goodman (eds.), *The South African Jewish Year Book*, 1929, pp. 82-83.

102 H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847-1893*, 1978, pp. 18-25. Hierdie bron kan vir meer besonderhede geraadpleeg word.

103 G. Wheatcroft, *The Randlords: The men who made South Africa*, 1993, p. 79.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

delwers sodat hy die bynaam "*the Count*" of die Graaf, gekry het.[104] Nellmapius en sekere van sy mededelwers se sukses op die goudvelde het daartoe aanleiding gegee dat hulle as "'bigslicks" bestempel is, wat die goue kalf sou aanbid en as kapitaliste so gou as moontlik sou "clear out of the country with more money than they ever expected to possess which they will spend elsewhere."[105] Maar Nellmapius het na Suid-Afrika gekom om te bly.

Nellmapius het gou 'n aanvoeling vir die probleme van die ondernemers en delwers op die goudvelde gevorm en tot die gevolgtrekking gekom dat die lewenskoste op die delwerye hoog was en dat vars voedsel byna onverkrygbaar was. Deurdat daar geen pad- of spoorverbindings tussen die goudvelde en die Delagoabaaise hawe was nie, het die produksiekoste van alle ondernemings aanhou styg. Nellmapius het geredeneer dat donkies, muile en moontlik ook kamele wat bestand teen die tsetsevlieg was, in plaas van osse vir vervoer gebruik kon word. Indien die inboorlinge, wat betreklik bestand teen die Laeveld se siektes was, as draers in diens geneem kon word, kon 'n doeltreffende transportdiens ingestel word mits 'n pad na Mosambiek gemaak kon word. Hierdie voorstel het Nellmapius met generaal P. J. Joubert opgeneem toe hy in 1875 as staatspresident waargeneem het. Nellmapius het versoek dat 'n konsessie aan hom uitgereik sou word om 'n "Handelsverbinding met Delagoabaai" in te stel waar die draers op die roete kon rus en oornag. Die owerhede het die plan goedgekeur en plase op die roete is aan hom vir rusplekke toegeken. Nellmapius het ook met behulp van 'n advokaat, ene Cooper, die landdros van Lydenburg, met die Portugese owerheid onderhandel om hulle goedkeuring vir sy projek te verkry. Die Portugese het hom ook 'n konsessie vir die doel toegestaan en hom boonop vereer deur aan hom die ere titel van konsul-generaal vir Portugal aan die goudvelde toe te ken. Oor hierdie onderneming het *De Volksstem* berig: "Graaf Nellmapius kan geluk worden gewenscht de welslagen...zijne onderneming zal de ondersteuning erlangen, die zij zoo zeer verdient."[106] Nellmapius het sy firma "*The*

---

104 H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847-1893*, 1978, pp. 18-25.

105 *De Volksstem*, 26 Desember 1874.

106 *Ibid.*, 21 Augustus 1875.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Lourenzo Marques and S A Republic Transport Service" genoem soos die advertensie vir hierdie diens gelui het.[107]

> The 'Nellmapius Road', as it was then called (later to be re-named 'Jock of the Bushveld Road'), became a busy thoroughfare with relays of African carriers and wagons drawn by mules and donkeys travelling from one rest station to the next. Private transport riders were entitled to use the road on payment of a toll.[108]

Tydens die oorlog met Sekhukhune het die werksaamhede op die delwerye tot 'n stilstand gekom. In 1876 het Hayman, wat toe in Potchefstroom woonagtig was, sy lojaliteit aan die owerheid getoon toe hy ammunisie aan die Landdrost geskenk het "ardently wishing that they may be instrumental in sending to perdition Johannes ['n volgeling van Sekhukhune] and his blood-thirsty savages."[109] Nellmapius het ook saam met die Boere op kommando gegaan en nadat die oorlog, wat vir die Republiek nadelig verloop het, afgehandel was, het hy na Pilgrim's Rest teruggekeer. Daar aangekom het hy ontdek dat die arbeiders wat hy vir sy transportonderneming in diens geneem het, gedros het, dat twee van sy bestuurders vermoor is en dat die ander werknemers gevlug het. Die oornagrusplekke was verwoes en afgebrand sodat sy hele transportonderneming ten gronde was en hy baie skade gelei het. Die finansiële verliese en die vermindering van sy goudvondste het Nellmapius laat besluit om hom op 'n plaas *Hatherley* naby Pretoria te vestig. Nellmapius het spoedig nader met die ZAR owerhede kennis gemaak en die moontlikhede ondersoek om die ZAR se ekonomiese situasie aan te spreek deur nywerhede te ontwikkel.[110]

'n Aantal Jode was by die openbare sektor betrokke. Die Hollandse Jood, De Vries, het benewens sy vennootskap met Marais as 'n afslaer, in verskeie hoedanighede prominente bydraes in die ZAR gelewer. Nog 'n Hollander van Joodse afkoms, was C. J. Juta wat in 1877 lid van die Uitvoerende Raad (UR) met die portefeulje van Openbare werke, Polisie en Oorlog benoem is.[111] Kort daarna is Juta as lid van 'n

---

107 *Ibid.*, 25 Desember 1875.

108 H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847-1893*, 1978, pp. 28-29.

109 *De Volksstem*, 5 Augustus 1876.

110 H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847-1893*, 1978, pp. 29-35.

111 *De Volksstem.*, 4 April 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

commité gelas om die staat se finansies te ondersoek.[112] In 1875 is Kisch, wat voorheen 'n fotograaf in Durban was, en na vele omswerwinge in die jagvelde as 'n Vrederegter benoem.[113]

De Vries was 'n veelsydige Jood wat in die openbare sektor diens gelewer het en van meet af aan sy talente aangewend het vir 'n besondere rol in die ZAR. Hy was sedert 1867 'n tydelike *landdrostklerk* en het met skryf- en taalvaardighede sy plek in Pretoria volgestaan. Hy was byvoorbeeld sekretaris van die *Vrywilliger Corps* en het in Agustus 1867 'n brief aan die president gerig waarin hy die besluite van dié *Corps* voorgelê en onder andere raad gevra het "hoe om met kafferkinderen en meiden te handelen."[114] In November 1867 het De Vries uit die Lagerplaats te Spelonken verslag gedoen oor die verloop van die *Corps* se optrede om die swart kapteins in die Zoutpansbergdistrik tot orde te dwing. Hy het daarop gewys dat dit verkry was "zonder dat een man van den onsen eenig letsel heeft bekomen." Hy was egter besorg oor die lede van die *Corps* as hy daarop wys dat die gebrek aan klere en lewensmiddele onder die manskappe sorgwekkend is en dat hulle geen koerante of briewe van hulle verwante ontvang het nie.[115]

De Vries was ook die sekretaris van 'n *Comité* wat op 27 Augustus 1867 by die President aansoek gedoen het om 'n stuk grond te verkry "voor eene algemeene begraafplaats voor blanken."[116] By die toekenning van die grond op 30 Augustus 1867 het hy die President en lede van die UR daarvoor bedank en gevra dat transport kosteloos aan die *Comité* verleen sal word.[117] "De regalement voor eene algemene burgerlijke begraafplaas voor blanken" is deur die *Comité* in sestien artikels vervat en is deur De Vries as sekretaris aan die owerheid voorgelê.[118] De Vries was ook in 1868 sekretaris van "De Commissie voor de Weeskamer" wat beteken het dat hy by die bereddering van boedels betrokke was.[119]

---

112 *Ibid.*, 18 April 1877.
113 *Ibid.*, 18 Maart 1875.
114 TAB, SS 90 R 882/67. Re: Vrywilliger Corps, 1867.
115 TAB, SS 92 R 1188/67. Re: Lagerplats, Goede Wensch, Spelonken, 1867.
116 TAB, SS 90 R 899/67. Re: Aansoek begraafplaats te Pretoria, 1867.
117 TAB, SS 90 R 899/67. Re: Begraafplaas, 1867.
118 TAB, SS 90 R 896/67. Re: Comité begraafplaas, 1867.
119 TAB, SS 0 R 1313/68. Re: Weeskamer en SS 0 R 1314/68, 1868.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In April 1868 het De Vries beleefd aansoek gedoen om die pos van *Auditeur Generaal* wat vakant sou wees en het aangevoer dat hy in daardie stadium net as 'n "tijdelike Landdrostklerk" aangestel was.[120] Wat die reaksie hierop was, is nie seker nie, maar in Augustus 1868 het hy as Griffier van die Hoogsgeregshof verslag gelewer oor ses sake wat verhoor is.[121] Kort daarna, in 1869, het De Vries aansoek gedoen om so spoedig moontlik sy eksamen as prokureur af te lê,[122] en om "Beëdigd Translateur voor de Franse taal te worden aangesteld."[123] Rabbi dr. J. H. Hertz, wys daarop dat: "He [De Vries] received the public thanks of the State President for his services in connection with the ratification of the treaty of 1869 with Portugal."[124] In 1871 het hy aan die Waarnemende Staatspresident en lede van die UR geskryf dat dit "Zeer streelend was mij de aanbieding van Staatsprocureur der ZAR te worden," maar spreek hy sy spyt uit dat hy die gewigtige betrekking nie op daardie tydstip kon aanvaar nie. In dieselfde jaar is De Vries ook as die voorsitter benoem van die belangrike Kommissie van Ondersoek na Arbeidsaangeleenthede in die ZAR.[125] In 1872 het De Vries as prokureur sy benoeming as lid van 'n *Commissie voor het examineering van Procureurs* met dank aanvaar,[126] en in 1873 was hy deel van dié *commissie* wat vir agt dae "exsamens in de Regtsgeleerdheid" afgeneem het.[127] De Vries het in 1872 die eer gehad om president Burgers se inswering op 'n koue wintersdag by te woon. Hy skryf in 'n brief aan sy "neeft Martinust" in Holland, "in die eige boere sijn taal" dat daar die "heele week niks anders nie dan dinders, suppers, gedans, gesing, gespiets, gelumeneerd," was soos die Boere fees gevier het.[128]

Tydens die bewind van president Burgers was De Vries voorsitter van die Volksraad.[129] In Desember 1872 het hy 'n brief ontvang van D. S. Maré, wat namens kiesers in Marabastad hom "beleefdelijk te verzoeken U andermaal als Candidaat voor dit District te willen stellen" en hulle by die Volksraad te

---

120 TAB, SS 98 R 520/68. Re: Aansoek om betrekking as Auditeur Generaal, 1868.
121 TAB, SS 26 R 960/68. Re: Griffier van die Hof, 1868.
122 TAB, SS 0 R 517/69. Re: Aansoek om eksamen as prokureur af te lê, 1869.
123 TAB, SS 98 R 475/68. Re: Aansoek om translateur te worden, 1868.
124 J. H. Hertz, *The Jew in South Africa*, 1905, p. 17.
125 TAB, SS 137 R 1301/71. Re: Aanbieding as Staatsprokureur, 1871.
126 TAB, SS 140 R 68/72. Re: Eksaminering van prokureurs, 1872.
127 *De Volksstem*, 26 September 1873.
128 M. de Vries (Klaas Waarzegger), *Die geskiedenis van Transvaal*, 1881, p. 17.
129 A. A. Roberts, The Bar in Pretoria. In S. P. Engelbrecht, J. A. I. Agar-Hamilton, A. N. Pelzer and H. P. H. Behrens, (Samestellers), *Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die Stad Pretoria*, 1955, p. 182.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verteenwoordig. De Vries het hom hierdie versoek laat welgeval en geskryf dat "Het was vir my aangenaam te vernemen dat U weledele tevreden syt met mijne handelingen in den Volksraad." Dit wil volgens hierdie dokumente voorkom asof De Vries sonder 'n verdere verkiesing vir 'n tweede termyn in die Volksraad gedien het.[130] In 1874 is hy deur F. P. van Oudtshoorn en namens 29 "kiesloten" genooi om die kiesafdeling Nazareth in die Volksraad te verteenwoordig.[131] Uit Nazareth word berig dat "de Heer M. de Vries met meerderheid stimmen (118) tot de Volksraad" verkies is.[132] Hy is op 15 Oktober 1874 as nuwe lid vir Nazareth ingesweer en deur die Staatsprokureur bevestig. As Volksraadslid het hy sy kiesafdeling op verskillende geleenthede besoek en is die notules van die byeenkomste volledig in *De Volksstem* opgeneem.[133]

Die onenigheid wat die owerheid met die hoofman Sekhukhune gehad het, het daartoe bygedra dat De Vries, Bührmann en ander raadslede ook soos Nellmapius, by hierdie oorlog betrokke was. Tydens die sitting van die Volksraad in 1876 was De Vries vol vertroue dat Sekhukhune oorwin kon word indien die aanval goed beplan sou word.[134] Voordat probleme met Sekhukhune weer voorgekom het, het De Vries in die Volksraad sy kommer oor president Burgers se gesondheidstoestand uitgespreek toe die spoorweglening en die president se voornemende reis na Europa, ter sprake was. Bührmann, die lid vir Lydenburg,[135] was skepties teenoor hierdie reis en het dit pertinent gestel dat:

> Het volk zou kunnen zeggen dat men den stuurman van het Schip wegnam terwijl deze het meest nodig was. Wij waren tot heden zonder spoorweg klaar gekomen en de rust des lands was hem meer waard dan de spoorweg.[136]

Die President was seker dat sy reis ten spyte van sy swak gesondheid sou slaag, "in weerwil van Ds. Cachets voorspelling dat hij kous op den kop zou terugkomen."[137]

---

130 TAB, SS 151 R 1725/72. Re: Kiesloten Marabastad, 1872.
131 TAB, SS 176 R 1566/74. Re: Kiesloten Nasareth, 1874.
132 *De Volksstem*, 17 Oktober, 1874.
133 *Ibid.*, 16 Januarie, 27 Februarie 1875, 15 Januarie 1876.
134 *Ibid.*, 30 September 1874.
135 *Ibid.*, Op 7 November 1874 het Bührmann sy kiesers in Lydenburg toegespreek om hulle oor die Volksraadsbesluite in te lig en vrae of die president "te vertrouwen is", te beantwoord.
136 *Ibid.*, 23 Oktober 1874.
137 *Ibid.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die Februarie-sitting van die Volksraad in 1874 was dit duidelik dat die staat se finansies veel te wense oorgelaat het. In Augustus 1875 het De Vries die wind van voor gekry toe hy in 'n hoofartikel in *De Volksstem* kwaai geroskam is oor uitlatings wat hy sou gemaak het, dat daardie koerant "noch respectabel noch onpartijdig", sou wees. Hy is ook daarvan beskuldig dat hy tydens die besprekings in die Volksraad dwaas en onoordeelkundig sou opgetree het sodat "de boeren verklaarden dat zij hem heel doorzagen en weigerden in vele gevallen zijn geleide te volg."[138] Tenspyte hiervan het hy in 1877 op die *Vredescommisie*, wat te Botshabelo met Sekhukhune onderhandel het gedien.[139] Na die onderhandelings

> Uitte [de Vries in die Volksraad] zijn spijt dat Sekhukhune geen waarborg had gegeven dat hij niet aanstaande jaar den oorlog zou hervatten...toch betreuren dat de rebel in zijne sterkte gelaten was en wij misschien weer kommandos tegen hem zouden moeten zenden.[140]

In Maart 1877 was die president genoodsaak om die Volksraad oor die netelige politieke situasie van die ZAR in te lig. Hy het voorgestel dat een van twee opsies oorweeg kon word: Om òf 'n totale hervorming te ondergaan, òf om "de beste voorwaarden [te] sluiten met den man die den sleutel in handen heeft." Bührmann het gemeen dat daar daadwerklik opgetree moes word, en "if there was a lion or snake in front, let them be pointed out."[141] Hierop het die Volksraad eenparig besluit om 'n vyfman *commisie,* waaronder De Vries, opdrag te gee om die saak onder bespreking te bestudeer en "een weg aanwijzen zal in verband met de redmiddelen, waarvan door Z.H.Ed. den president gewaagd was."[142] Die *commisie* het op 7 Maart 1877 sy verslag voorgelê waarin aanbeveel is dat die hoofpunte van die President se hervormingsvoorstel aanvaar sou word en dat die pos van Minister van Onderwys opgeskort is. In April 1877 is die Volksraad se werksaamhede met die Britse anneksasie van Transvaal opgeskort[143] en het De Vries en Bührmann se betrokkenheid daarby tot 'n einde gekom.

---

138 *Ibid.*, 14 Augustus 1875.
139 *Ibid.*, 13 Januarie 1877.
140 *Ibid.*, 17 Februarie 1877.
141 *Ibid.*, 24 Februarie 1877; M. J. Swart, Die aandeel van H. T. Bührmann in die geskiedenis van die Suid- Afrikaanse Republiek tot 1890. D..Phil. Verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1956, pp. 332-365, gee 'n volledige verslag oor Bührmann se rol as Volksraadslid.
142 *De Volksstem*, 7 Maart 1877.
143 J. S. du Plessis, Die Suid-Afrikaanse Republiek. In C. F. J. Muller (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse geskiedenis* (4e ed.), 1968, p. 240.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende 'n dinee wat ter ere van die goewerneur van Natal, sir T. Shepstone, gegee is, het Kisch die Volksraad van sy oortuiging verseker dat hierdie besoek van Shepstone en sy gevolg "werden aangespoord door eene opperste begeerte om de welvaart des lands te bevorderen," en sò sy lojaliteit teenoor die Britte getoon. Hierna het De Vries 'n heildronk ingestel op de *Zuster-Staten* en "maakte omtrent den gast van den avond als verteenwoordiger van Natal, gepaste opmerkingen."[144] Tydens die Britse anneksasie van Transvaal vanaf 1877 tot 1881, het meer Engelse immigrante in Pretoria kom woon en het die ekonomie ook opgeflikker. Die gemeenskap se leefwyse het 'n neiging getoon om te ver-Engels sodat daar 'n kloof tussen die "*English set*" en die "ander"- die Boere, - waarneembaar was. Maar daar was ook diegene onder die Transvalers wat die Britse juk met groot vreugde aanvaar het.[145] Waarskynlik was Kisch, een van die "*English set*" as *De Volksstem* skryf: "We understand that Mr. Kisch after 10 months arduous assistence to our local Government, is to be promoted over the heads of very much older officials,"[146] toe hy as waarnemende ouditeur vir die Britse regering aangestel is.[147]

'n Besondere gebeurtenis het Pretoria te beurt geval toe 'n bal gereël is om die verjaarsdag van koningin Victoria te vier. Tydens hierdie bal sou "nearly all Pretoria" teenwoordig gewees het. Tydens die *Levee* (formele onthaal) wat een namiddag deur die administrateur en sy personeel aangebied is, het die Pretoriase Jode soos C. J. Juta, Kisch, De Vries en B. P. Pereira, 'n Jood van Portugese afkoms, onder die talle gaste getel.[148]

In Europa was die Jode vir eeue heen weens owerheidsbeperkings en armoede op die handel, en veral die koop en verkoop van vee en tweedehandse goedere aangewese.[149] Dit het meegebring dat Joodse pioniers se oorlewingsvaardighede daarop ingestel was om enigiets aan te pak wat hulle hand gevind het om te doen. 'n Goeie voorbeeld is dié van De Vries wat homself in 'n advertensie as "Procureur, Generaal Agent, Vendumeester en Transportuitmaker (Conveyancer)" voorgestel het.

---

144 *De Volksstem*, 3 Februarie 1877.
145 C. Jeppe, *The kaleidoscopic Transvaal,* 1906, pp. 67-71.
146 *De Volksstem*, 7 Mei 1878.
147 TAB SS 538 R 2188/81. Re: rekening van die goudkommissaris, 1881.
148 *De Volksstem*, 30 Mei 1877.
149 M. Kaplan and M. Robertson, Introduction. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915,* 1991, p. 14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy het verklaar dat hy "belast zich met de koopen en verkoopen van Plaatsen en erven in die ZAR."[150] Hierna het dikwels advertensies vir "Publieke verkoopings" wat gewoonlik op 'n Saterdag om elf uur voormiddags by "het Vendukantoor" plaasgevind het, gevolg. De Vries het die lesers van die *Volksstem* versoek: "Vertel het verder, als u blieft."[151] Toe daar sprake was dat goud in Pretoria ontdek is, het De Vries dit as 'n besondere kriterium benut om erwe in Pretoria te koop aan te bied.[152] De Vries en Marais was ook in 1876 agente vir "Protecteur Brand Assuranti Maatschappij te Kaapstad" aangestel wat absoluut noodsaaklik was in 'n dorp waar die meeste geboue aanvanklik grasdakke gehad het.[153]

In die privaatsektor het Jode ten spyte van hulle nominale getalle in die regsberoep en verwante professies 'n beduidende aandeel gehad. *De Volksstem* het dikwels oor hofsake waarmee *Prokureur* de Vries doenig was, geskryf. In 1873 het De Vries tevergeefs gepoog om Jacob Breytenbach (Wilde Jacob) in die *Hoog Geregtshof* van "*opzettlyken doodslag*" vrygespreek te kry.[154] Verskillende kriminele sake het De Vries se professionele aandag vereis, soos toe 'n verdagte beskuldig is dat hy pogings aangewend het om vals geld te munt, en 'n ander verdagte "van onwelvoegelijke aanrandings" beskuldig is.[155] Ander belangrike sake waarmee De Vries as prokureur belas was, het onder meer die inspeksie van 'n groot aantal plase ingesluit nadat onenigheid met die opmeting deur landmeters en probleme by die registrasiekantoor met die uitreiking van grondbriewe, voorgekom het. In De Vries se skrywe van 20 Augustus 1872 aan die *Gouvermentsekretaris* het hy namens homself en sy kliënte daarop aangedring dat dié probleem onverwyld opgelos word.[156] Deurdat De Vries ook toegelaat is "als Vervaardiger van Akten van Verband en van Transporten of Transporteur te zijn,"[157] kon hy sy aktiwiteite as prokureur verder tot nut van sy nuwe samelewing uitbrei.

---

150 *De Volksstem*, 4 Julie 1874.
151 *Ibid.*, 28 November 1874.
152 *Ibid.*, 4 September 1875.
153 *Ibid.*, 11 Maart 1876.
154 *Ibid.*, 5 September 1873. (Wilde Jacob het egter uit die tronk ontsnap.)
155 *Ibid.*, 22 April 1876.
156 TAB, SS 147 R 1275/72. Re: Uitreiking van grondbriewe, 1972.
157 TAB, SS 177 R 1691/74. Re: Vervaardiging van akten en transporten, 1974.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1873 is W. E. Hollard, 'n Duitse Jood,[158] in twee poste gelyktydig, as *Publieke Aanklaer en Vrederegter*, in Marthinus Wesselsstroom, later bekend as Wakkerstroom, aangestel. Die driemaandelikse verslag wat Hollard uit Wakkerstroom aan die Staatsprokureur gestuur het, toon dat hy 'n wye verskeidenheid kriminele sake behartig het. Hollard het in hierdie verslag getoon dat hy besonder kreatief kon dink deur praktiese voorstelle aan die owerheid voor te lê. Om probleme met rondlopervee wat ook nog gesteel kon word, te voorkom, het hy voorgestel dat 'n skut opgerig sou word en aangevoer dat skutgelde 'n gereelde inkomste vir die owerheid kon besorg. Hy het ook aanbeveel dat "Artikel 165 in die grondwet vernietigd of veranderd worden daar hetzelv in veele gevallen onuitvoerbaar is", en bygevoeg dat 'n "insolventen Wet hoogst noodig is."[159]

Hollard het as *Publieke Aanklaer* in Wakkerstroom interessante verslae aan die owerhede in Pretoria gerig waarin hy kwessies wat in sy werksopset voorgekom het, volledig uiteen gesit het. Hy het dit byvoorbeeld beweer:

> Dat veel ongenoegen ontsaat en bestaat uit klagten van persoonen tegen geadmiteerde Practezynen, en waardoor veel moeite aan de Regering gegeven wordt, en door quadwillige veel ontevredenheid tegen de Regering verwekt wordt.(sic)[160]

Hierop het Hollard aanbeveel dat sulke klagtes in die hof aangehoor behoort te word sodat so 'n *Practezyn* vrygespreek kan word. Wat die betekenis van hierdie praktyke was, is egter nie duidelik nie. Hy is in 1874 ontslaan omdat hy nie dié twee poste gelyktydig kon beklee nie.[161]

Hollard het ook foute began, soos toe hy 'n plaas wat hy valslik beskryf het "as geleë naby die nuutontdekte goudmyne in die Oos Transvaal" aan W. Leathern verkoop het. Leathern het hom uitgedaag om bewys te lewer waarom hy nie van die rol as prokureur geskrap sou word nie. Nadat Leathern sy saak verloor het, het die vyandskap wat ontstaan het so opgevlam dat Leathern pamflette versprei het waarin hy ook Hollard se identiteit en moraliteit bevraagteken het. Hollard het die meeste van

---

158 M. Robertson and M. Kaplan, The formation of the Jewish Community 1887- 1915: An overview. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887- 1915,* 1991, pp. 24-25. Hoewel Hollard weens sy unieke gedrag nie algemeen as 'n Jood beskou is nie bevestig hierdie bron sy Joodsheid.

159 TAB, Staatsprokureur (SP), SPR 231/73. Re: Voorstel oor Insolvente Wet, 1873.

160 TAB, SP 2 SPR 231/73. Re: Driemandelikse verslag van Hollard as Publieke Aanklaer, 1873.

161 *Staatscourant*, 10 Junie 1873; *De Volksstem*, 5 Desember 1874.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie pamflette self gekoop en vernietig.[162] Maar Hollard se reputasie was onder verdenking. D. A. Sandbrink het in 'n skrywe aan die Staatspresident klagtes gelê oor sekere vergrype en die identiteit van Hollard (alias E. Lemontofskij) sodat die UR "de oogen zullen worden geopend omtrent het ware gehalte van de prokureur Hollard."[163] F. Lion Cachet het die waarnemende Staatspresident beleefd in 'n skrywe daarop gewys dat hy die eerlikheid van die prokureur Hollard ("alias Davison, Lemontovskie en Musik") vanweë sy naamsverandering bevraagteken. Daar is ook gemeld dat hy in Smithfield uit aanhouding sou ontsnap het. Daarenteen het Cachet bygevoeg dat Hollard beëdig is as *translateur* in beide tale, hoewel hy in 'n geskrewe stuk nie minder as twintig spelfoute begaan het nie en dus nie as 'n talekenner beskou kon word nie.[164]

As prokureur het De Vries dikwels met of teenoor Hollard in hofsake te staan gekom.[165] In 1877 het De Vries namens Hollard by *Het Hoge Hof* aansoek gedoen om as advokaat en prokureur toegelaat te word. W. R. Keet, 'n voornemende prokureur van Wakkerstroom is ook op versoek van De Vries toegelaat om as prokureur die eed af te lê. Hollard, wat hom later in Pretoria in vennootskap met Keet gevestig het, was 'n unieke karakter wat volgens 'n advokaat, A. A. Roberts, "addressed the jury in an extraordinary lingo compound of Dutch, English, German and Yiddish, but his winks, gestures and innuendos were so expressive that he carried great weight with the jury."[166] Hy is ook as "a sly chap, the very Devil in trousers" beskryf.[167] Die Boere was baie skepties oor die prokureurs soos 'n sekere F. K. skryf:

> AASVOGELS VERGADERD. Al de prokureurs zijn hier; voor bezigheid of voor plezier; De een is groot, de andere Kleijn; En allen schijnen vriend te zijn; James Hendersohn en Hollard ook; De heele

---

162 A. A. Roberts, The Bar in Pretoria. In S. P. Engelbrecht, J. A. I. Agar-Hamilton, A. N. Pelzer and H. P. H. Behrens, (Samestellers), *Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die Stad Pretoria*, 1955, p. 190.

163 TAB, SP SPR 1/73 en 74/72. Re: Hollard se integriteit en naamsverandering, 1872.

164 TAB, SS 141 R 208/72. Re: Klagte oor Hollard as translateur, 1872.

165 Hoewel *De Volksstem* van 19 September 1874 na Hollard as 'n prokureur verwys was hy volgens eers 'n staatsanklaer wat eers op 19 Januarie 1875 sy eksamen as prokureur afgelê het.

166 A. A. Roberts, The Bar in Pretoria. In S. P. Engelbrecht, J. A. I. Agar-Hamilton, A. N. Pelzer and H. P. H. Behrens, (Samestellers), *Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die Stad Pretoria*, 1955, p. 190.

167 M. Robertson, and M. Kaplan, The formation of the Jewish Community 1887-1915: An overview. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887- 1915,*1991, p. 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> spul is aan de kook. En, "While they make the kettle boil, How many cases do they spoil?"[168]

Juta was in 1878 as *Balju van die Hooge Geregtshof* bedrywig met *Balju's Verkoopings*.[169] In hierdie hoedanigheid moes hy onder andere 'n *verkooping* namens *Het Hoog Geregtshof* waarneem in 'n saak waarin Jode, J. Rosenthal en Zonen, teenoor J. Cinamon betrokke was.[170] As balju is hy ook deur die regering na die Bosveld gestuur om gruweldade te ondersoek wat "vrijwilligers (Basterds)" onder ene kaptein Jones sou gepleeg het terwyl hulle op pad na Sekhukhune was. Juta het tot die gevolgtrekking gekom dat die klagtes gegrond was en dat die offisiere nie in staat was om die diefstalle, inbrake en aanrandings wat gepleeg is, te voorkom nie.[171]

Ander Joodse ondernemers het intussen ook gepoog om dienste te lewer en op sò 'n wyse hulle oorlewingsvaardighede in belang van die ontwikkelende ZAR-gemeenskap te stel. In 1877 het 'n besoekende tandarts, D. W. Moses, byvoorbeeld geadverteer dat hy as 'n "Surgeon Dentist" vir tien dae in Pretoria in 'n spreekkamer langs J. D. Lys se winkel, vir konsultasies beskikbaar sou wees.[172] Moses was 'n voorbeeld van 'n reisende ("itinerant") tandarts, 'n praktyk wat in Oos-Europa in gebruik was waar reisende entrepeneurs soos kleremakers en kleinhandelaars werksaam was, aangesien daar nie genoegsame werksgeleenthede in één omgewing was nie.[173] Daarom het Jode 'n noemenswaardige rol gespeel - aanvanklik as *tochers* (ook togryers, bondeldraers of smouse genoem), later klein- en selfs groothandelaars, en as agente en vendumeesters wat vee, losgoedere en ook eiendomme verhandel het.

Dat 'n Joodse *tocher* kleur en opwinding verleen het, is dus te begrype. 'n Voorbeeld van so 'n *tocher* is Sammy Marks, 'n Lituase Jood wat in 1868 in die Kaapse omgewing bedrywig was en wat hom later in Transvaal gevestig het.[174] Dat

---

168 *De Volksstem*, 28 November 1873.

169 *Ibid.*, 9 April 1878. In hierdie uitgawe verskyn daar twee advertensies, een vir 'n verkoping op Standerton en een op Bloemhof.

170 *Ibid.*, 22 Augustus 1884.

171 *Ibid.*, 5 Augustus 1879.

172 *Ibid.*, 22 Augustus 1877.

173 M. Kaplan and M. Robertson, Introduction. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915, 1991*, p. 14; R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned King of Transvaal"*. 1991, p. 2 verwys na die begrip *itinerant*.

174 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned King of Transvaal,"* 1991, pp. 6, 23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die *tochers* by die eenvoudige Boeremense tuisgevoel het, is duidelik uit 'n artikel wat 'n Joodse verslaggewer, M. D. Hirsch, aan 'n koerant in Warskou gerig het:

> Daar is by hulle [die Boere] nie 'n sweem van haat teenoor mense met 'n ander geloof nie, en dit lyk asof hulle die Jood verkies, want hulle groet hom vriendelik en met respek, só seer dat nie een van hulle sal weier om sy dogter met 'n Jood te laat trou nie, selfs al moet sy dan ook die Joodse geloof aanneem. Volgens hulle is 'n Jood 'n troue eggenoot, 'n goeie vader en verder is hy spaarsaam en hardwerkend. Sommige van hulle sal maklik in Joodse geselskap met trots daarvan praat dat hulle van Joodse afkoms is: hulle beskou dit as 'n eer.[175]

Die gebruik van Joodse smouse om algemene handelaars te word het veral in Transvaal ontwikkel. S. Schiffman het byvoorbeel 'n handelsonderneming in Pretoria, op die hoek van Kerk- en Andriesstraat opgerig, en in Potchefstroom het S. Herschfield saam met ene Davis ook as handelaars opgetree. Nog ander Jode soos A. en S. Goldinger het in Zeerust, M. M. Reyersbach en F. H. Diamond, in Bloemhof en S. D. Seeligsohn in Christiana soortgelyke ondernemings aangepak. Twee ander Jode, W. Seeligsohn en H. Sclesinger, was onderskeidelik in bevel van die skut en in 'n klerklike hoedanigheid bedrywig. Nog 'n Jood, E. Kaufmann, was 'n handelaar wat sy onderneming te Muldersdrit gevestig het. 'n Jood, J. S. Massur, wat as die "King of Machadodorp" bekend was, was 'n Duitser wat van Hohensalz afkomstig was.[176] Die ontmoeting van Joodse smouse en Transvaalse Boere, en die ontstaan van Boerejode, het gedurende die negentiende eeu veral in die landelike gebiede plaasgevind. Die onervare Boere het dikwels by die Joodse *tochers* van toestande in Europa te hore gekom en op daardie wyse ook met verbruikersgoedere kennis gemaak waarvan hulle nie voorheen bewus was nie.

Deurdat die Jode later by byna elke kruispad 'n winkeltjie gehad het, was hulle ook baie gou by die ruilhandel betrokke waar verbruikersgoedere vir plaasprodukte verruil is sodat Joodse- en Boerepioniers mekaar van naderby leer ken het. As algemene handelaars en produktekopers kon hulle 'n groot verskeidenheid dienste aanbied, en het hulle ook in baie gevalle geriewe voorsien wat nie voorheen beskikbaar was nie.[177] Jode het dikwels aan die Boere op die plase tydens periodieke droogtes

---

175 G. Saron, Boer, Jood en Uitlander: Die Jode in die Kruger-Republiek. In *Buurman*, Maart 1971, pp. 17-20.

176 SAJBD argief: Dokument No. 304: E. Rosenthal, *Jews in the Boer Republics.*

177 G. Saron, Van immigrante tot Suid-Afrikaners. In *Buurman*, Desember 1979, pp. 4-8; G. Saron, Toe Jood en Boer mekaar ontmoet het. In *Buurman*, Desember, 1970, pp. 15-20.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

krediet verleen en hulle van bankrotskappe gered. Maar daar is ook beweer dat dit die rede was waarom Boere hulle plase aan Joodse krediteure moes afstaan. Die politikus, A. H. Jonker, verduidelik dat dit nie aan die krediteure te wyte was nie, maar aan die stelsel van kredietverlening:

> Many farmers went the same way, their creditors having been Afrikaans, English or German traders, lending institutions and attorneys. At the same time it is an indisputable fact that thousands of farmers were saved by this system.[178]

Met advertensies in *De Volksstem* het Joodse handelaars hulle dienste bekend gestel. In Mei 1874 maak Pereira," 'n Algemeen Handelaar" in Pretoria,[179] bekend dat by binne "weinige dagen een GROOT EN GEVARIEERD ASSORTIMENT GOEDEREN" teen gunstige pryse te koop sou aanbied, sodat die klandisie "mooije koopjes verwacten kunnen".[180] Maar in Julie 1874 versoek hy al sy krediteure om onmiddelik hulle rekeninge te vereffen. Hy wou waarskynlik sy onderneming sluit.[181] Kisch se volbladadvertensie "Belangrijke kennisgeving van bezigheid" in die hoofstad van die ZAR, sou beslis opgeval het. Hierin het hy die firma Kisch en Harsant, as "Kooplieden in het groot en klein" bekend gestel, wat wyn en sterk drank, kruideniersware, "zadels en toomen", ysterware, klerasie en skoene in 'n groot verskeidenheid aangebied het. Daarbenewens het hulle ook hulle lesers verseker dat hulle as ruilhandelaars die hoogste pryse vir die Boere se produkte sou betaal.[182] In Julie het Kisch onder sy eie naam steenkool in groot en klein maat te koop aangebied.[183] Tydens 'n nagmaalgeleentheid het die firma Kisch en Harsant die Boere verras deur die *Tiny*, 'n dorsmasjien, bekend te stel. Hierdie masjien, wat deur twee arbeiders bedryf kon word, het beloof om van die arbeidsprobleme wat geheers het die hoof te bied.[184]

Juta het in 1874 in 'n kennisgewing sy voorneme bekend gemaak om hom as 'n handelaar en *Commisie-Agent* in Pretoria te vestig. Hy het verduidelik dat "door tusschenkomst van zijn broeder den Boekhandelaar en andere vrienden in Kaapstad"

---

178 A. H. Jonker, *The scapegoat of history*, Johannesburg, 1941, p. 62.
179 *De Volksstem*, 20 September 1873.
180 *Ibid.*, 30 Mei 1874.
181 *Ibid.*, 4 Julie 1874.
182 *Ibid.*, 20 Junie 1894.
183 *Ibid.*, 22 Julie 1874.
184 *Ibid.*, 13 Maart 1875.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy dié voordeel het om "orders ten spoedigtse en het goedkoopst uit te voeren."[185] Hierdie handelaar het die behoeftes van die Boeregemeenskap in gedagte gehou toe hy as 'n *Boekverkoper* 'n groot verskeidenheid "Bijbels, Psalm- en Gezangboeken, Bunyan's Christenreize naar de Eeuwigheid, Kinderharpen, Woordenboeken, Novels en Schoolmaterialen", te koop aangebied het. Sy advertensie van die "Transvaal Volks- en Feestlied met accompagnement en Militaire Marsch voor het Artillerie Corps der ZAR, kopieë voor Piano Forte," wat in druk verskyn het, sou beslis in Pretoria in aanvraag gewees het.[186] Benewens skryfbehoeftes, het hy ook kruideniersware soos snuif, tabak, sigare, kerse, suiker, seep en koffiemeulens geadverteer en het hy verwag om ook pianos en *seraphines* in voorraad te hê.[187] In 1875 het Juta ook die *European Mail* in die ZAR versprei.[188] In 1878 het H. J. Juta (waarskynlik 'n seun van C. J. Juta) kennis gegee dat hulle boekwinkel na 'n nuwe perseel verskuif word.[189]

Schultis, Schwar and Co., was ander bekende Joodse ondernemers wat Britse juweliers en horlosiemakers was, en in Kerkstraat in Schultis se bestaande winkel hulle dienste en juwele aangebied het.[190] 'n Ander bekende Joodse firma was dié van Bernhard, Cohen and Co., wat in Kerkstraat dranke soos in "Engeland gebrouwen ale en gemaakte kleeren van alle soorten," bemark het.[191] Nog 'n Jood, J. Herschensohnn, het geadverteer dat hy "Negotie Goederen" in sy winkel in Westeinde Pretoria "tegen de billykst mogelyke Pryzen en voor Kontant of in Ruil voor Produkten, aanbiedt."[192] Maar ongerymdhede en misdaad het ook voorgekom en dit het ook nie die Jode ontsien nie. *De Volksstem* het berig dat onverklaarbare diefstalle van drank by Herschensohnn se onderneming by twee geleenthede plaasgevind het en dat die skuldiges nie vasgetrek kon word nie.[193]

'n Jood, De Pass se winkel in Kerkstraat-Oos het 'n goeie voorraad "*Kafir Truck of every description*" verhandel aangesien hy bekend was daarvoor dat hy die behoeftes

---

185 *Ibid.*, 4 April 1874.
186 *Ibid.*, 28 April 1876.
187 *Ibid.*, 28 November 1874.
188 *Ibid.*, 6 Maart 1875.
189 *Ibid.*, 12 Februarie 1878.
190 *Ibid.*, 9 Oktober 1880.
191 *Ibid.*, 4 Desember 1880.
192 *Ibid.*, 1 Junie 1880.
193 *Ibid.*, 6 Julie 1880, 10 September 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die "*Kafir Trade*" begryp het.[194] In hierdie winkel het 'n brand uitgebreek waartydens die goedere in die winkel vernietig is toe die grasdak vlam gevat het. Die goedere in die pakkamers is egter gered. Die winkel was teen brand verseker[195] wat beteken het dat Jode reeds in hierdie tydperk proaktief opgetree het.

Geleidelik het Joodse ondernemers ook tot die gasvryheidsbedryf as herbergiers, waarvan hulle in Europa ondervinding gehad het, toegetree. 'n Mevrou Stein het die leemte in bekostigbare verblyf raakgesien en geadverteer dat sy 'n "Boarding House" in Proesstraat open.[196] E. Fleischmann het die *Masonic Hotel* in Pretoria geadverteer en die hoop uitgespreek dat "het geachte publiek...[dit] zullen genieten."[197] In Kerkstraat het J. R. Levy die behoefte aan 'n herberg met voorsiening vir perde geïdentifiseer, en 'n hotel opgerig. In 'n kort advertensie het hy aangekondig: "Opening van het Hatherley Hotel en Café Restaurant, op Zondag 1 Julij aanstaande... Goede Stalling." Hy het diegene wat maaltye by die hotel wou neem aangeraai om dit "spoedig kenbaar te maken, aangesien slechts een beperkt getal abonnés kan worden aangenomen." Kosgangers het 30 sjielings per week vir losies betaal.[198] Die beperkte getal "abonnés" wat in die advertensie gemeld is, dui aan hoe deeglik Levy bedryfsekonomiese beginsels onder die knie gehad het deur op "een beperkt getal" met ander woorde die skaarsheid van dié "abonnés", te fokus.

In Wakkerstroom, waar Hollard aanvanklik gewoon het, het hy geadverteer dat hy ook as Vendu-meester deur die gemeenskap daartoe gemagtig is om tydens 'n *Publieke Verkooping (zonder reserve)* winkelgoedere, goedgeteelde vee en ryperde te koop aan te bied.[199] In 1880 is 'n *Publieke Verkooping van vaste en losse goederen, de plaats Edelsteen* deur Hollard, wat met Keet in vennootskap getree het, geadverteer.[200] Daar was spoedig kompetisie onder die Joodse entrepeneurs toe I. J. Lithauer ook tot die beroep as vendumeester toegetree het, en hy twee wonings in Pretoria te koop aangebied het. Hierna het volblad advertensies gevolg vir verskeie verkopings wat selfs sover as Lydenburg bedryf is.[201] Toe die *Music Hall Bar* in

---

194 *Ibid.*, 1 Julie 1882.
195 *Ibid.*, 7 Augustus 1880.
196 *Ibid.*, 19 Februarie 1878.
197 *Ibid.*, 5 September 1873.
198 *Ibid.*, 4 Mei, 18 Julie 1883.
199 *Ibid.*, 11 April 1874.
200 *Ibid.*, 23 Maart 1880.
201 *Ibid.*, 28 Oktober 1879, 20 Maart 1880, 1 Junie 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pilgrim's Rest op 'n veiling te koop aangebied is, het Lithauer dit vir £130 aangekoop.[202] Nadat Lithauer na 'n tydperk van afwesigheid weer terug gekeer het tot die afslaersbedryf het sy advertensie gelui "De verloren Zoon keert terug! De feestelijkheden [vendusie] beginnen ten 11 Ure precies."[203] In Lydenburg het H. J. Juta, 'n ander agent, hom veral op die verkoop van die eiendomme na die goudstormloop toegelê.[204]

Tydens die Britse tydperk het Boere in verskillende streke of wyke in Transvaal, (soos Witwatersrand, Lydenburg, Steelpoort en Makwassie), alle Engelssprekendes, Engelse amptenare, Engelsgesindes, wegloopsoldate en bondeldraers as kwaaddoeners beskou. Hulle het kennisgewings in *De Volksstem* geplaas waarin hierdie tipe mense belet is om hulle plase te besoek.[205] Hierdie aksie sou die Joodse *tochers* se aktiwiteite net tydens die Britse tydperk in Transvaal beperk het omdat alle vreemdelinge deur die boere as Engelsgesindes beskou is. 'n Jood wat tydens die Britse tydperk die Boere se geduld getoets het, was 'n konstabel J. R. Levy wat as die bode van die Hof, by verskillende sensitiewe sake betrokke was.[206] Hy het onder andere 'n taak gehad om belastingskuld van 'n boer, J. A. Storm, in te vorder toe 'n konfliksituasie onvermydelik voorgekom het. Tydens hierdie gebeurtenis het Levy se Joodsheid ter sprake gekom toe Storm en sy seuns hom op 'n hardhandige wyse "verhinderende dien pligt uit te voeren."[207] Dit het tot 'n lang uitgerekte hofsaak gelei waarin Storm en sy seuns skuldig bevind is. Nadat appél aangeteken is, is Levy, volgens nuwe inligting wat ingewin is op 'n tegniese punt as die eintlike skuldige uitgewys.[208]

Pretoria was 'n groot dorp wat nie oor 'n munisipaliteit beskik het nie. 'n Voorstel dat Pretoria 'n munispiale stelsel moes verkry, is reeds in 1864 tydens 'n openbare byeenkoms aanvaar, maar aangesien fondse beperk was, het dit nie gerealiseer nie. In 1875 is daar weer tydens 'n openbare vergadering besluit om met die regering te onderhandel oor die instelling van 'n munisipaliteit vir Pretoria. De

---

202 *Ibid.*, 30 Mei 1874.
203 *Ibid.*, 26 Februarie 1884.
204 *Ibid.*, 16 November 1885.
205 *Ibid.*, 15, Junie, 23 November 1880.
206 *Ibid.*, 20 Januarie 1880 berig oor sake teen De Heer Bok; 11 Desember 1880 in 'n lastersaak teen J. F. Celliers.
207 *Ibid.*, 3 Februarie, 30 November 1880.
208 *Ibid.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vries het daarop gewys dat die reg om 'n munisipaleit in te stel nog volgens die vorige ooreenkoms geldig sou wees. Kisch het die aanwesiges verseker dat die regering geen reg sou hê om grond van die munisipale bestuur te vervreem nie en dat 'n munisipaliteit outonoom sou kon optree. Hierna is 'n komitee saamgestel om die saak te ondersoek.[209] In 1877 het probleme ten opsigte van "de Watertoevoer, enz" tydens 'n openbare vergadering onder bespreking gekom. Gedurende hierdie byeenkoms het De Vries voorgestel dat 'n *commissie* van drie lede benoem moes word om 'n memorie aan die regering voor te lê om die bestaande watervore behoorlik in stand te hou, aangesien die burgers belasting op die gebruik van water betaal het.[210] Al hierdie probleme het daartoe gelei dat 'n *Stedelijke Raad* in 1880 uiteindelik tot stand gekom het en die Joodse afslaer, Lithauer, as 'n raadslid verkies is.[211]

Na die afloop van die Anglo-Transvaalse oorlog van 1880-1881, waardeur die ZAR sy onafhanklikheid van Brittanje herower het, was die landsbestuur aanvanklik in die hande van die "Driemanskap", (M. W. Pretorius, S. J. P. Kruger en P. J. Joubert), wat vir die heropbou van Transvaal verantwoordelik was. Dit was 'n moeilike tydperk aangesien geld skaars en die staat se finansiële verpligtings groot was. Daarbenewens was die probleme met Sekhukuhne en sy volgelinge steeds nie opgelos nie.[212] 'n Jood, Hayman, wat reeds met lede van die owerhede kennis gemaak het was heel oorspronklik toe hy in 1882 'n skrywe aan hulle gerig het en verklaar het dat hy "als een trouw en gelukkig voorvechter voor de teruggawe van de Transvaal...neem ik mij voor hierneder te senden als vanduafslager en Commisieagent." Sy probleem was dat hy twee handtekeninge op sy lisensieaansoek moes hê van mense wat bereid sou wees om vir hom borg te staan. Daarom het hy die vrymoedigheid gehad om die Hoogedeles (die driemanskap) vir ondersteuning en borg te vra. Die versoek is aan hom toegestaan en die Hoogedeles het die bede uitgespreek dat hy spoedig die lisensie sou kry.[213]

---

209 *Ibid.*, 25 Februarie 1876.
210 *Ibid.*, 18 Desember 1877.
211 *Ibid.*, 5 Oktober 1880, 2 November 1880.
212 O. J. O. Ferreira, Eerste Fabrieken: Die beginpunt van nywerheidsontwikkeling in die Zuid-Afrikaansche Republiek. In *Contree*, 15 Januarie 1984, p. 17.
213 TAB, SS 636 R 1941/82. Re: Lisensie as afslaer en Commissieagent, 1882.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die sitting van die Volksraad in Oktober 1881 het Nellmapius se netjies geskrewe aansoek "vragende monopolie voor het bereiding van geestrijke dranken en suiker", ter sprake gekom.[214] In die lig van die moeilike ekonomiese omstandighede in die ZAR, en met sy akademiese agtergrond en kreatiewe denkwyse, het Nellmapius nie moeite gehad om die "Driemanskap"-regering te oortuig dat nywerheidsontwikkeling en die toekenning van konsessies aan ondernemers wenslik sou wees om noodsaaklike nywerhede te ontwikkel nie. In suiwer Hollands het hy aangevoer:

> Ons land heeft zeer groote beswaren te bekampen. Hy zyn te afhanklyk van buitenland. Alles byna waarmede wy ons kleeden, onze huizen, onse wagens, selfs voor een groot gedeelte dat geen waarmede wy ons voeden werdt van buiten af ingevoerd. Is ons land dan zoo arm, dat het niet genoeg kan opleveren?[215]

Hiermee het Nellmapius sy brief van vier bladsye ingelui in sy betoog dat 'n konsessie aan hom as ondernemer toegestaan sou word om sekere lewensmiddele uit plaaslik geproduseerde produkte te vervaardig. Maar Nellmapius het ook daarop gewys dat om sò 'n onderneming te beplan, op te rig en in werking te stel, bedryfskapitaal van "tenminst een honderd duisend pond sterling" sou verg. Indien so 'n *privlegi* wat vir ten minste vyftien jaar sou duur, aan hom toegeken sou word, sou hy die regering jaarliks £1 000 daarvoor vergoed.[216] 'n *Acte van Concessie* is op 7 Oktober 1881 aan Nellmapius toegeken "uit kracht van een besluit gepasseerd door den Hoog Edel Achtbaren Volksraad in Zyne zitting van dato 7 den Oktober 1881 en Artikel 52." Dit was deur S. J. P. Kruger, P. J. Joubert, M. W. Pretorius, W. E. Bok (Staatsekretaris), E. J. P. Jorissen (Staatsprokureur) en A. H. Nellmapius in die kantore van die ZAR in Pretoria onderteken.[217]

Dit was dié omstandighede wat Marks beleef het toe hy in 1881 die ZAR vir die eerste keer besoek het. Aan die Vaalrivier is steenkool in 1878 deur 'n etnoloog G. W. Stow ontdek. As 'n mynbestuurder op die diamantvelde was Marks pynlik bewus van die hoë uitgawes wat brandstof meegebring het. Dit het het hom laat besluit om saam met vennote van die steenkooldraende plase aan te koop. Die firma "*De Zuid-Afrikaansche en Vrijstaatsche Steenkool- en Mijn-Mineraal*

---

214 *De Volksstem*, 12 Oktober 1881.
215 TAB, SS 558 R 3613/81. Re: Motivering vir nywerheidsontwikkeling, 1881.
216 A. P. Cartwright, *Valley of gold*, 1973, p. 90.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vereeniging" is met sy vindingryke entrepeneurskap tot stand gebring met die doel om steenkool aan Kimberley te voorsien.[218] Met sy aankoms in Pretoria het Marks reëlings begin tref om steenkool na die diamantvelde te vervoer. Met die oog hierop het hy die volgende advertensie in *De Volksstem* geplaas: "Goed Nieuws voor de Boeren: Transport Benoodigd, 1000 wagens gevraagd,"[219] waarmee Marks vir die Boere in die ZAR, werk as transportryers geskep het.

Marks het ook by die owerheid aansoek gedoen om boekenhoutpale in die Pretoriadistrik te kap om in die myne te gebruik. Hierdie aansoek is egter van die hand gewys, waarop Marks die moontlikheid oorweeg het om self op sy plase aan die Vaalrivier bome te plant en sy eie hout te produseer. Hy het ook as die bestuurder van sy maatskappy oortreders belet om op hierdie plase vis te vang, wild te jag, vee te laat wei en paaie daaroor te maak, om sò natuurbewaring te bevorder.[220] Tydens hierdie eerste besoek aan Pretoria het Marks persoonlik met Kruger, wat kort daarna Staatspresident sou word, kennis gemaak. Kruger het aan hom 'n plaas Vyffontein, wat naby die Vaalrivier geleë was, te koop aangebied. Hierdie plaas wat hy toe ook gekoop het, het die begin van 'n vriendskapsverhouding tussen Marks en Kruger ingelui. Marks het in 1882 ook vir Nellmapius ontmoet wat hom met groot entoesiasme 'n aandeel aan 'n konsessie om drank te vervaardig, aangebied het.[221]

Nellmapius moes die voorwaardes van die konsessie nakom, maar het die reg voorbehou om vennote in te neem. Op 7 Junie 1882 het Nellmapius sy konsessie aan 'n vennootskap, met die Jode I. en B. Lewis, Marks en homself, in ruil vir 'n 20% aandeel oorgedra.[222] Nellmapius het daarop in *De Volksstem* daarvan kennis gegee dat die plaas *Hatherley*, met vee en implemente aan die maatskappy *De Eerste*

---

217 TAB SS 558 R 4109/81. Re: Acte van Concessie, 1881.

218 J. Katz, (ed.), *The story of the Pretoria Jewish Community up to 1930,* 1987, p. 108; R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned King of Transvaal"*, 1991, p. 11.

219 *De Volksstem*, 12 Oktober 1881.

220 *Ibid.*, 22 November 1882.

221 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned King of Transvaal"*, 1991, p. 13.

222 O. J. O. Ferreira, Eerste Fabrieken: Die Beginpunt van Nywerheidsontwikkeling in die Zuid-Afrikaansche Republiek. In *Contree,* 15, 1984, pp. 17-23. In hierdie artikel beskryf die outeur die verloop van die wyse waarop die Eerste Fabrieken ontstaan, ingewy en uitgebrei het. Sy paragraaf oor die bouwerk toon egter min begrip vir die ontsaglike probleme wat dit meegebring het; H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847-1893*, 1978, pp. 37-39.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fabrieken in de Zuid Afrikaansche Republiek, Limited, verkoop is en het versoek dat alle eise teen die eiendom *Hatherley* ingedien sou word.[223] Marks, wat hom pas in Pretoria gevestig het, se belange in Kimberley is deur B. Lewis, en in Londen deur I. Lewis behartig, maar hy het sy betrokkenheid by die bestuur van die steenkoolmyne en plase aan die Vaalrivier behou. Marks en Nellmapius moes as die uitvoerende vennote van die firma die beplanning en tot standkoming van die fabriek behartig, terwyl hulle met I. Lewis en B. Lewis om finansiële steun, die verkryging van toerusting en werknemers onderhandel het. Marks se bestuurvernuf en praktiese ingesteldheid het totaal en al verskil van dié van Nellmapius wat spontaan, kortsigtig, onbetroubaar en baie onvoorspelbaar kon optree. Marks het Nellmapius beskryf as "not a bad fellow...he was merely a confounded nuisance", sodat dit eintlik vir hom 'n verligting was, toe Nellmapius by die ontwikkeling van 'n ander konsessie met die oprigting van 'n buskruitfabriek betrokke geraak het.[224]

Die bouwerk aan die fabriek te *Hatherley* het in Junie 1882 'n aanvang geneem.[225] Hierdie proses het nie sonder moeite verloop nie aangesien bekwame en betroubare arbeiders en vakmanne in Transvaal byna onverkrygbaar was. Bowendien moes toerusting en gespesialiseerde vakmanne van Duitsland verkry word, wat baie tyd in beslag geneem het omdat alles per ossewa van die hawens vervoer moes word. Marks, wat nie Duits magtig was nie, en oor geen tegniese kennis van dié nuwe bedryf beskik het nie, het dadelik boeke bestel en bestudeer om homself die verleentheid van onkunde te spaar wanneer hy met sy werknemers moes onderhandel.[226] In Julie 1882 is in 'n kennisgewing in *De Volksstem* deur J. C. Preller (*soliciteur*) berig dat *De Eerste Fabrieken in de Z.A.Republiek (Beperkt)* in Pretoria met "beperkte verantwoordelijkheid, ten gevolge wetten en besluiten van 1874-1882," geregistreer is. In dieselfde uitgawe gee die sekretaris van hierdie maatskappy, V. Pilditsch, kennis dat alle soorte graan by die kantoor te *Hatherley* teen kontant betaling, te koop aangebied kon word.[227]

---

223 *De Volkstem*, 19 Junie 1882.
224 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned King of Transvaal"*, 1991, p. 26.
225 H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847- 1893*, 1978, p. 39.
226 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned King of Transvaal"*, 1991, pp. 23-31.
227 *De Volksstem*, 2 Augustus 1882.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nellmapius en Marks het ook prominente rolle in die sogenaamde Mapoch-oorlog gespeel. Gedurende 1882 is Sekhukhune deur sy halfbroer Mampuru vermoor, waarna hy na die Ndebele gevlug het vir beskerming. Toe Mabhogo geweier het om hom aan die owerhede uit te lewer, moes daar teen hom opgetree word. Hierdie militêre optrede het as die *Mampoer Expedition* bekend gestaan.[228] In Januarie 1883 het kommandant-generaal Joubert vir Nellmapius ingeroep om hulp te verleen aan sy kommando om hierdie konfliksituasie op te los.[229] Nadat Mabhogo en sy volgelinge in hulle eie taal en Hollands gewaarsku is, het die kommando met Nellmapuis se hulp die grootste deel van die "Bokgat" opgeblaas. *De Volksstem* berig hieroor:

> Great credit is due to Mr. Nellmapius for the cool courage, activity, and energy he exhibited through the whole day, and we are indebted to him and Messrs. Ware and Grundy, by whom he was well supported.[230]

In Maart 1883 moes Nellmapius, volgens *De Volksstem,* by die Potchefstroomse laer nog dinamiet gaan haal om die bergvesting te vernietig.[231] Dit was egter Marks, wat 'n besending dinamiet vanaf Kimberley laat kom het, wat verseker het dat die Ndzundza-Ndebele uit hulle grotte verwilder is.[232] Die geslaagde afloop van die Mapoch-oorlog het vir Joubert krygsroem verleen wat aan hom 'n vaste fondament vir sy kommandant-generaalskap besorg het.[233]

Toe die fabriek op *Hatherley* in Maart 1883 begin drank produseer het, het W. H. Penning in *De Volksstem* geskryf: "We have just 'crossed the Rubicon' and there stands before us, the reality of the 'Eerste Fabrieken.'"[234] Penning het ook daarop gewys dat dié sukses te danke is aan die navorsing en deursettingsvermoë van ene dr. Maercher, 'n chemikus aan die Halle Universiteit in Duitsland en dat "De Eerste Fabrieken being considered, if not the largest, the most complete distillery in the world,"[235]was. Vir die "Doopfeest"[236] is 'n plegtige inwyding gereël waarheen die

---

228 *Ibid.*, 23 Desember 1882, 27 Januarie, 1883.
229 H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847- 1893*, 1978, pp. 40-41.
230 *De Volksstem,* 27 Januarie 1883.
231 *Ibid.*, 10 Maart 1883.
232 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned King of Transvaal"*, 1991, p. 26.
233 J. S. du Plessis, Die Suid-Afrikaanse Republiek. In C. F. J. Muller (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse geskiedenis.* (4e ed.), 1968, p. 244.
234 *De Volksstem*, 17 Maart 1883.
235 *Ibid.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volksraad "and any friends who can make it convenient to attend," uitgenooi is.[237] Nywerheidsontwikkeling, wat ook landbouontwikkeling sou bevoordeel, is ingelui toe *Eerste Fabrieken*, met Nellmapius as gasheer, op 6 Junie 1883 feestelik ingewy is. President Kruger het na 'n omvattende toespraak, waarin hy oor die geskiedenis van die ZAR uitgewy het, die fabriek *De Volkshoop* gedoop. Marks is ge-eer vir die wyse waarop die fabriek tot stand gebring is en hy die gaste onthaal het. Nellmapius is geloof vir "gewichtige taak op zich genomen om te spreken in het belang van Nationale industrie."[238]

Heelwat reaksie het hierop gevolg: *De Volksstem* het geskryf dat "A fortnight after this Boer bacchanalia, the Volksraad extended the liquor consession for a further fifteen years on the government's recommendation."[239] Die *Natal Witness* het hierdie inwyding 'n "Russiesch krooningsfeest" genoem en gewaarsku "tegen het aannemen van het beschermend stelsel...als't ware eene betooverende, oogverblindende uitwerking hebben."[240] In 'n brief aan Nellmapius het 'n burger, ene M. Stone gewaarsku dat "van Delagoabaai via Zwaziland veel drank in dezen Staat ingesuggelt wort, wat nadeelig voor de fabrieken,"[241] sou wees. *De Eerste Fabrieken in de Zuid-Afrikaansche Republiek* het hierna gereelde advertensies in *De Volksstem* plaas om sy produkte te promoveer en te noem dat "Prijscourante op aanvraag te bekommen bij den Bestuurder te 'Hatherley' by Pretoria,"[242] sou wees. Later in die jaar is 27 verskillende soorte dranke in dié advertensies gelys.[243] Maar die situasie in die fabriek het nie altyd vlot verloop nie, sodat die firma Lewis en Marks teen 1885 moeilike ekonomiese tye beleef het:

> The diamond trade was in a deep recession; the Vaal River coal-mining operation was at a stand still; and the distillery at Pretoria, Marks's chief concern, was struggling for survival...But Marks, a perennial optimist, remained hopeful, if guardedly so.[244]

---

236 TAB Staatsekretaris (TA) R. 2153/83. Re: A. H. Nellmapius en S. Marks aan P. Kruger. Hiermee is Kruger na die inwyding uitgenooi en dit aanvaar. TAB TA R 2472/83. Re: Nellmapius en S. Marks - S. J. P. Kruger, 1883.

237 *De Volksstem*, 26 Mei 1883.

238 *Ibid.*, 13 Junie 1883, lewer 'n uitgebreide verslag hieroor.

239 *Ibid.*, R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned King of Transvaal"*, 1991, p. 32.

240 *De Volksstem*, 4 Julie, 1883.

241 TAB, SS 870 R5746/83. Re: Waarskuwing van drank wat oor grens gesmokkel word, 1883.

242 *De Volksstem*, 19 Februarie 1884.

243 *Ibid.*, 4 November 1884.

244 R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned King of Transvaal"*, 1991, p. 37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Marks het pas na die opening van die fabriek 'n plaas, *Christienen Hall* wat langs *Hatherley* geleë is, gekoop. Op hierdie onontwikkelde plaas wat hy *Zwartkoppjes* herdoop het, het hy homself in 'n pioniershuis gevestig, 'n bruid huistoe gebring en dit geleidelik in 'n modelplaas met 'n deftige woonhuis ontwikkel.[245] Marks en Nellmapius het een gemeenskaplike belangstelling gehad - landbou. Selfs toe Nellmapius nog in Pilgrim's Rest en later in Pretoria woonagtig was, het hy tuinbou in sy woonerf boefen. In Pretoria het hy 'n tuinboukundige, F. Krug, in beheer van 'n uitgebreide kwekery in sy tuin gehad waarin bome, blomme, groente, struike en veral rose gekweek is. Vars blomme is ook vir troues en onthale verskaf en saad wat in Pretoria gekweek is, is te koop aangebied.[246]

Nellmapius het in 1882 die konsessie om buskruit en ammunisie te vervaardig, opgevolg deur 'n fabriek op die plaas Baviaanspoort op te rig. Hierdie onderneming was groter as wat Nellmapius kon behartig sodat hy dit aan 'n buitelandse maatskappy verkoop het, maar self as besturende direkteur met W. E. Bok as mede-direkteur, aangebly het.[247] J. Hergenroeder het as die sekretaris opgetree en het saam met een van die direkteure oor tekenregte beskik.[248] Heelwat finansiële probleme het ontstaan aangesien die bestuur van die maatskappy in Londen die geldsake swak hanteer het en omdat Nellmapius self nalatig met die boekhouding was. Dit het aanleiding gegee tot 'n voorlopige geregtelike ondersoek in Oktober 1885, waarin Nellmapius van bedrog aangekla is.[249] Hierdie saak het heelwat belangstelling gaande gemaak. In 1886 het die firma Ford, Keet en Hollard vir die verdediging opgetree. Regter J. Brand en 'n jurie het Nellmapius tydens 'n hofsaak aan bedrog skuldig bevind. Nellmapius is vir agtien maande tronkstraf, met hardepad gevonnis. Hoewel appel aangeteken is, het die regter geweier om Nellmapius op borgtog vry te laat. Hierdie gebeure het soveel opslae verwek dat *De Volksstem* in sy hoofartikel sterk beswaar teen die optrede van die staatsekretaris, dr. W. J. Leyds,

---

245 *Ibid.*, pp. 33-34.

246 *De Volksstem* 9 November 1885.

247 H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847-1893*, 1978, pp. 50-51. Kaye skryf dat die Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 11 Augustus 1882 berig dat Nellmapius se maatskappy "South African Pioneer Powder Factory" geregistreer is. In Mei 1883 word W. E. Bok, die staatssekretaris, 'n mede-direkteur daarvan.

248 *De Volksstem*, 30 Junie 1883.

249 *Ibid.*, 12 Oktober 1885, 3 Desember 1885.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangeteken en die regsproses bevraagteken het.[250] Op 8 Oktober 1886 het *De Volksstem* berig dat Nellmapius deur bemiddeling van die owerhede vrygelaat is en dat die gemeenskap gemengde gevoelens geopenbaar het omdat die gesag van die hof in gedrang was.[251] Nadat hoofregter J. G. Kotze, wat tydens hierdie verhoor uitstedig was, teruggekeer het, het hy die kriteria wat vir die veroordeling van Nellmapius gegeld het, geregverdig en is Nellmapius weereens in hegtenis geneem. Die lede van die UR was erg ontsteld sodat 'n aksie tussen die owerheid en die Hooggeregshof ontstaan het waartydens Brand sy bedanking ingedien het. Op 23 November 1886 het Nellmapius se appel teen sy vonnis geslaag en is hy uit die tronk vrygelaat.[252] Hoewel daar vele gissings oor Nellmapius se morele ingesteldheid was, het 'n *Gentile,* J. B. Taylor, 'n besigheidsvennoot van Nellmapius, dit pertinent gestel:

> There was no doubt whatever in the minds of Eckstein and myself that Nellmapius was innocent of the charges that had been brought against him...and his honesty and integrity were never once in doubt.[253]

Die Jode wat hulle in hierdie tydperk in die ZAR gevestig het, het soos alle ander pioniers uitdagings aanvaar om in moeilike omstandighede ekonomies te oorlewe en deel van die heterogene samelewing te word. In hierdie turbulente omstandighede het bankrotskappe ook by *Gentiles* en verskeie Joodse ondernemers voorgekom. Daarbenewens was daar geen georganiseerde Joodse gemeenskap wat hulle geloofsgenote kon ondersteun nie, Jode wat bankrot gespeel het, moes self die mas opkom. Dit het nie beteken dat sulke ondernemers verdwyn het nie, hulle het net weer van vooraf met 'n ander onderneming begin. Boonop is uitstaande rekeninge in insolvente boedels in die koerante gepubliseer sodat skulde openbare aandag geniet het. Die eerste kennisgewing van 'n baljuverkoping wat in *De Volksstem* verskyn het, was dié van die firma Kisch en Harsant: Al die firma se goedere, huise, erwe en twee plase sou onder die hamer kom om uitstaande skuld te dek. *De Volksstem* berig dat die goedere en eiendomme wat aangebied is, teen uiters lae pryse van die hand gesit is. Hiermee het die redakteur 'n beroep gedoen dat die owerheid 'n *Insolventenwet*

---

250 *Ibid.,* 1 Oktober 1886.
251 *Ibid.*, 8 Oktober 1886.
252 H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847-1893,* Johannesburg, 1978, pp. 50-59.
253 J. B. Taylor, *A pioneer looks back*, 1939, p. 148.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sou instel soos wat elke beskaafde land behoort te hê om te verseker dat ondernemers nie onnodig benadeel sou word nie.[254]

Nadat Kisch en Harsant se firma gelikwideer is, het Kisch alleen in Transvaal agtergebly en spoedig by 'n verskeidenheid ondernemings betrokke geraak. In Desember 1876 het die redakteur van *De Volksstem* berig: "We ontvangen deze week van den heer D. M. Kisch een schotel van de prachticste aardbijen die wij noch in de Transvaal hebben gezien." Volgens dié berig sou Kisch elke oggend sy aarbeie gaan oes en reeds meer as £11 uit sy aarbeietuin verdien het. Die redakteur het voorts vir Kisch voorgehou as 'n voorbeeld van hardwerkendheid, en gehoop dat die lesers nie sal vergeet om "er nota van te nemen."[255]

Nog 'n goeie voorbeeld van Kisch se veelsydigheid en deursettingsvermoë het in 1882 in 'n advertensie voorgekom toe bekend gemaak is dat hy die *Transvaalsche Goudmijn-Maatschappij* se agent is en in daardie hoedanigheid skulde van die maatskappy invorder.[256] In 1882 was hy ook 'n trustee van die *Transvaal Board of Executors and Trust Company Ltd.*, waarin hy onder andere met die bereddering van insolvente boedels betrokke is.[257] In 1883 het Kisch 'n agent vir die *Royal Mail Line of Steamers* geword en het hy besprekings vir dié firma waargeneem.[258] Daarbenewens het Kisch in 1884 die agent vir die Skotse firma geword wat plase in Nieuw Schotland in Oos-Transvaal naby Lake Chrissie, (tans Chrissiesmeer genoem), te koop aangebied het.[259]

'n Ander Jood, De Pass, se likwidasieverkoping is deur die *hoofdbaljuw*, Juta, op 15 Mei 1882 waargeneem.[260] In 1881 het Hollard en Keet geadverteer dat hulle tot £3 000 aan leners beskikbaar stel, in ruil vir plase as sekuriteit.[261] Maar Hollard moes later drie plase aan die Meester van die Hoog Geregtshof afstaan om verbandskulde te delg.[262] In 1884 het hierdie prokureurs aangekondig dat hulle vennootskap ontbind

---

254 *De Volksstem*, 14 Oktober, 21 Oktober 1876.
255 *Ibid.*, 30 Desember 1876.
256 *Ibid.*, 21 Junie 1882.
257 *Ibid.*, 11 Februarie 1882.
258 *Ibid.*, 30 Junie 1883.
259 *Ibid.*, 15 Januarie 1884.
260 *Ibid.*, 26 April 1882.
261 *Ibid.*, 9 Julie 1981.
262 *Ibid.*, 15 Januarie 1884.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en dat Hollard £15 000 aan H. J. Taylor verskuldig is vir eiendom wat hy as sekuriteit aanvaar het. Hierop was Hollard verplig om "as security all his moveables and immovables then standing in his name,"[263] aan te bied.

In 1880 het De Vries en Marais, as vennote, versoek dat alle skulde aan hulle firma betaal sal word,[264] waarna geen advertensies meer onder hulle naam verskyn het nie. In Oktober 1884 het 'n lys van ondernemings wat insolvent was verskyn: Die afslaer Lithauer, en Joodse firmas soos dié van Bernard, Cohen & Co en J. H. Hershensohn het deel hiervan uitgemaak.[265] In 1885 het die *Hoog Gerechtshof* in 'n *Illiquide Zaak* tussen W. E. Bok (*Eischer*) en M de Vries (*Verweerder*) verklaar dat die verweerder vir £630 skuldig is en die koste moet dra.[266] Die *Hoog Gerechtshof* van die ZAR het in 1885 vereis dat 42 eiendomme van De Vries op 12 Desember 1885 op 'n veiling, sonder reserwe te koop aangebied moes word.[267] 'n Britse Jood, D. H. Benjamin, moes ook in 1885 agt en twintig eiendomme aan die Meester van die Hoog Geregtshof afstaan.[268] In Desember 1885 was Nellmapius ook verplig om vyf van sy plase in die Lydenburg-distrik aan 'n *Verkooping in Executie* af te staan.[269] Hierdie sake dui daarop dat dit vir die Jode as ondernemers, soos met alle ander ondernemers in Transvaal, geen maklike taak was om finansieel te oorlewe nie. Die algemene bewering in die gemeenskap dat kitsrykdomme onder die vroeë "Uitlanders" voorgekom het, en dat hulle daarmee die land uit sou vlug, is glad nie bewaarheid nie.[270]

Intussen het ander ondernemers ook met die regering onderhandel om van konsessies gebruik te maak en het ontwikkeling op die goudvelde in die Oos-Transvaal uitgebrei. Die Britse Jood, Benjamin, het in die Pilgrim's Rest omgewing gouddraende plase gekoop toe ander goudmynondernemings al byna uitgewerk was. Benjamin het in 'n advertensie kennis gegee dat hy "eigenaar en

---

263 *Ibid.*, 5 November 1885.
264 *Ibid.*, 15 September 1880.
265 *Ibid.*, 14 Oktober 1882.
266 TAB Hoogegeregshof van die ZAR en Hooggeregshof van die Transvaalkolonie (ZTPD) 568 5/100. Re: De Vries, "Illiquide zaak", 1885.
267 *De Volksstem*, 12 November 1885.
268 *Ibid.*, 12 November 1885.
269 *Ibid.*, 10 Desember 1885.
270 *Ibid.*, 26 Desember 1874.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

concessionaris van mijnregte"[271] op vyf plase in die "Lijdenburgdistrik" in die ZAR sou wees en dat niemand anders op daardie plase kon prospekteer nie.[272] A. P. Cartwright, 'n kenner van delwerye het hieroor geskryf:

> Neither Paul Kruger, who granted the concession, nor the enterprising David Benjamin who applied for it, knew anything about gold-bearing reefs of the district. The former was simply anxious to increase the State's revenue...while the latter was gambling on getting the rich source of the alluvial gold.[273]

Hierdie konsessie het baie kritiek uitgelok omdat die mening ontstaan het dat dit die delwers sou benadeel.[274] Benjamin het van die protesterende delwers in diens geneem, maar baie probleme met hulle ondervind omdat hulle beweer het dat hy hulle van hulle regmatige kleims beroof het. Hierop het hy hulle in 1882 £50 000 kompensasie vir hulle 'verlore' geleenthede betaal. Daarop het Benjamin 300 Duitsers ingevoer om vir sy firma op die delwerye te werk.[275] In Februarie 1883 het *De Volksstem* geskryf dat Benjamin se onderneming, die *Transvaal Gold Exploration and Land Company* tot stand gekom het,[276] maar het dit betwyfel of sy Joodse vennote, soos A. Beit en L. Phillips en 'n *Gentile* A. Bailey die name van hulle plase soos "Blijfstaanhoogte" en "Olifantsgeraamte", sou kon uitspreek.[277]

'n Anglo-Jood, H. Graumann, het in Barberton 'n ondernemening bedryf en vertel dat I. Sonnenberg, die bekende grapjas en professionele dobbelaar, ook sy opwagting by die goudvelde gemaak het nadat hy voorheen al sy belange verkoop het en hom voorgeneem het om Transvaal permanent te verlaat.[278] Hierdie goudvelde het besonder vinnig ontwikkel maar het groot uitdagings ingehou aangesien daar byna geen paaie in hierdie wildernisgebied was nie en die wêreld bekend was vir vir koorssiektes en versengende hitte. Daar word geskryf dat: "the only roadmakers were the boots of the multitude and the only signposts the skeletons

---

271 TAB SS 611 R 680/82, Re: 'n Brief van dank van Benjamin aan die Driemanskap dat hulle hom 'n onderhoud toegestaan het waarin hy sy saak oor die konsessie kon stel, 1882.

272 *De Volksstem*, 21 Desember 1881.

273 A. P. Cartwright, *Valley of gold*, 1962, p. 141.

274 *De Volksstem*, 22 April en 6 Mei 1882. In hierdie briewe het Benjamin gepoog om sy saak te regverdig en die delwers verseker dat hy geensins hulle wil benadeel of belaster nie.

275 S. A. Rochlin, The early gold fields. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, pp. 140-142.

276 *De Volksstem*, 18 Februarie 1883.

277 A. P. Cartwright, *Valley of gold*, 1973, p. 90.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

and the debris the diggers abandoned on the way... solitude, and human cut-throats who would murder a man for his pack and money-belt,"[279] sou hulle voorland wees. Phillips wat in 1886 deur Beit na Barberton gestuur is om die moontlikhede van die goudnywerheid te ondersoek, het die reis vanaf Pretoria met 'n muilwa aangepak. Hy skryf dat nadat hulle die Elandsberg bereik het, het hulle die muile met osse vervang omdat die pad baie steil was en osse stadiger beweeg het. Hy beskryf die reis verder sò:

> Three out of the four wheels were tied fast, only one being left to revolve. The oxen would pull and the wagon skid down a few yards. It would fetch up against the big boulders which abounded in the track and were really the only obstacles that prevented the wagon from falling down the hill. Six reims (soft hide ropes) were fastened to the rails, three on either side with a man at each. When the oxen gave another pull, the wheels on that side would mount the obstruction and the wagon would frequently have turned over on the opposite side but for the steadying of the three stalwarts doing tug-of-war with the reims.[280]

Tenspyte van al die probleme het Phillips veilig in Barbertorn aangekom. Daar was ook Jode soos A. Golschmidt, met sy *King's Claim,* en Hollard se *Graskop*-maatskappy, wat heelwat sukses op die goudvelde behaal het.[281] 'n Ander maatskappy, The *Transvaal Assay and Smelting Company,* het *Gentiles,* maar ook Jode soos Hollard, De Pass en I. Sonnenberg ingesluit.[282] Baron Grant (voorheen Albert Gottheimer), was 'n Ierse Jood wat met groot ideale die *Lisbon-Berlin Mining Company* naby Pilgrim's Rest op die been gebring het. Hierdie onderneming was die eerste een wat hidroliese mynwese op groot skaal in Suid-Afrika bedryf het. Die mynbedryf het ook gebaat by sy onderneming wat lang ysterpypleidings kon vervaardig, wat in die ontginning van goud gebruik kon word.[283]

'n Aantal Jode het van vroeg af aan 'n rol in die ontwikkeling van die goudvelde en gemeenskap in Barberton gespeel. Bertha Goudvis, een van die eerste Suid-Afrikaanse Joodse skrywers, vertel:

---

278 H. Graumann, *Rand riches and South Africa*, n.d, pp. 18-59 deel sy ervarings in Barberton op 'n humoristeise wyse met sy lesers.

279 T. V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, 1956, p. 321.

280 L. Phillips, *Some reminiscences,* 1924, p. 51.

281 *De Volksstem*, 8 Januarie, 1884.

282 *Ibid.*, 27 Januarie 1883.

283 S. A. Rochlin, The early gold fields. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, p. 143.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> The town [Barberton] was not unhealthy and we settled at a place...on the Sheba road, where father started a small tavern in a wattle and daub structure roofed with goat skin karosses while his family dwelt in grass rondavels erected by natives.[284]

Hoewel hulle kort-kort aanvalle van malaria oorleef het, het hulle nooit geweet wat dié siekte veroorsaak het nie. Goudvis onthou dat een van die eerste take van die klein Joodse gemeenskap in Barberton was om 'n *Minyan,* kworum, byeen te bring en vir grond vir 'n Joodse begraafplaas te onderhandel. Tot tyd en wyl die dienste van 'n sekere mnr. Abrahams, 'n *mohel,* 'n Joodse slagter verkry kon word, was dit net diegene wat 'n vegetariese dieet gevolg het, wat aan die Joodse dieetvoorskrifte kon voldoen.[285]

'n Joodse prokureur, N. H. Cohen, het hom in 1884 in Barberton as die sekretaris van die *Eagle's Nest Mining Company* gevestig, en by die politieke aangeleenthede van die goudvelde betrokke geraak. 'n Ander Jood, N. N. Davis, was 'n promotor vir mynbedrywe en D. Holt het as die sekretaris van die *Kimberley Imperial Goldmining Company,* gepoog om hierdie onderneming op die been te kry. Nog 'n Jood, B. M. Gluckstein, die redakteur van 'n sosiale weekblad "*The Jester*" het op sy beurt die gemeenskap gedien deur inligting oor die bedrywighede van delwerye te versprei. P. de Jong was 'n begaafde Joodse tenoor wat saans die kultuur- en sosialelewe in hierdie myngemeenskap bevorder het. Joodse vindingrykheid was veral opmerkbaar toe J. Cinamon, Goudvis se vader, die "*safety-slip for mining purposes,*" 'n veiligheidsmeganisme wat hy vir die mynbedryf ontwikkel het, en 'n noodsaaklike diens vir firmas soos dié van Beit verrig het.[286] Toe Cinamon sy ontwerp in Brittanje wou patenteer, het die Britte 'n werkende model vereis, maar dié kon hy nie voorsien nie aangesien sy mynonderneming reeds weens finansiële probleme gesluit het.[287] 'n Ander Joodse innoveerder was S. Hammerschlag wat daarin geslaag het om gouderts met 'n masjien wat hy vanaf Natal ingebring het, te vergruis. Die goud wat hy hieruit gesmelt het, het hy in klein

---

284 B. Goudvis, Some early reminiscences of South African Jewish life. In *Jewish Affairs*, April 1956, pp. 20-25.

285 *Ibid.*

286 N. Mendelow and M. Robertson, Jews in public life: Sir Harry Graumann, first Jewish mayor of Johannesburg. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915,* 1991, p. 213.

287 B. Goudvis, Some early reminiscences of South African Jewish life. In *Jewish Affairs*, April, 1956, p. 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stafies gegiet en na die tentoonstelling in Port Elizabeth gestuur om die gehalte van die "Kaapse" goud van Barberton te illustreer.[288]

'n Aandelebeurs het spoedig in Barberton tot stand gekom en is entoesiaties bedryf en is onder andere ook deur Nellmapius[289] ondersteun. Maar volgens die historikus, A. P. Cartwright,

> The result was a disaster. Three-quarters of the shares sold were worthless. Many of the shareholders lost every penny they possessed, and some of the men who rushed to the field died of starvation. As for the mining, it was a muddle from the start to finish. Thousands of tons of useless ground were excavated and where there was gold the ore was often incompletely treated. The Barberton boom and subsequent crash gave the South African gold mining industry a bad reputation with overseas investors which it took years to live down.[290]

A. H. Nellmapius and Co., het in 1884 mynregte op die plaas Waterval, no. 8 in die Lydenburgse distrik, verkry sodat H. Kaye, Nellmapius se biograaf, skryf: "Fortune now smiled on Nellmapius and he, together with other prominent citizens, was in a happy position of being able to lend the State much-needed capital."[291] Ander maatskappye wat in minder gunstige omstandighede verkeer het, het hulle hoop daarop gevestig dat kapitaalkragtige ondernemers hulle mynondernemings sou oorneem. Graumann het vir Marks in Pretoria besoek om sy guns te wen om na Barberton te kom om daar by die delwerye betrokke te raak.[292] Marks is daarna deur Graumann se vennoot H. Heller oorreed om ten spyte van al sy verpligtings na die goudvelde te gaan om ondersoek na sy firma se onderneming in te stel. Hierdie tydperk was vir Marks die swaarste wat hy ooit in Suid-Afrika deurgebring het. Hy moes op 'n mieliepapdieet bergop en bergaf klouter om seker te maak dat die ertsmonsters wat hulle aan hom gewys het eg was. Vanaf *Volkshoop* het Marks aansoek gedoen dat die geoloog, 'n mnr. Cruckwell die eiendom waarin hy wou belê, moes ondersoek om te verseker dat dit "gold in payable quantities" sou oplewer.[293] Ten spyte van dié moeitevolle dae het Marks dit oorweeg om in die

---

288 *De Volksstem*, 24 Augustus 1885.

289 H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847-1893*, 1978, p. 47.

290 A. P. Cartwright, *Valley of gold*, 1973, p. 141.

291 H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847-1893*, 1978, p. 48.

292 H. Graumann, *Rand riches and South Africa*, n.d., pp. 47-48.

293 TAB. SS 904 R 977/84. Re: Geologiese toetse, 1884.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Shebamyn te belê indien sy vennote B. en I. Lewis dit sou goedkeur. Na vele onderhandelinge het Marks se ondernemings die *Oriental* en die *Sheba Companies* tot stand gekom. Na baie slapelose nagte en omslagtige onderhandelinge is 'n kabelkarstelsel in later jare ingestel om die erts te vervoer. Hierdie onderneming wat Marks geglo het "*buitengewoon voordeelig*" sou wees, het eintlik in 'n anti-klimaks geëindig aangesien dit te laat gebeur het om die afwaartse neiging van die goudvelde se produksie te stuit.[294] Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 sou daartoe bydra dat die meeste ondernemers in die Oos-Transvaal, hulle daarheen gewend het.

JOODSE DEELNAME AAN DIE GEMEENSKAPSLEWE

In Pretoria, waar 'n betreklike heterogene gemeenskap aan die ontwaak was, het verskillende verenigings en aksies ontstaan waarby van die Jode waarna reeds verwys is, aangesluit het en selfs leidende rolle gespeel het. Die eerste Jode wat in Transvaal, veral in Pretoria woonagtig was, het maklik by die gemeenskap geïntegreer omdat daar min Jode was en hulle nie geskroom het om by gemeenskapsaktiwiteite betrokke te raak nie. Daarbenewens was Jode soos die Cachet-broers, De Vries en Bührmann, Hollandssprekend wat die inskakeling vergemaklik het. Nellmapius was ook Hollands magtig aangesien hy die "Taal" tydens sy studiejare in Holland aangeleer het. 'n Voorbeeld van Joodse betrokkenheid was toe ds. F. Lion Cachet verneem het van d*ie gelofte van Bloedrivier,* wat gedurende Desember 1838 afgelê is, maar wat in die Boeregemeenskap byna in vergetelheid verval het. Die idee het by hom posgevat dat die "Gelofte" in herinnering geroep moes word. Hierop het 'n ouderling, J. W. de Jager, in 1873 die grond by Bloedrivier waar die laer in 1838 gestaan het, aan die kerkraad van Utrecht afgestaan. Tydens die daaropvolgende viering van die gelofte het die gemeentelede met vyftig waens laer getrek. Na die godsdiensoefening en 'n eenvoudige feesmaal "maakten wij een grooten hoop steenen, zoo als de Israëliten van ouds... Aandoenlijk was het den oude strijders hooren spreken."[295] So het Cachet hierdie historiese gebeurtenis ervaar en emosioneel met die Boere gedeel.

---

294 R. Mendelsohn, *"Sammy Marks: The uncrowned King of Transvaal,"* 1991, pp. 42-44.

295 F. Lion Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika: Brieven aan een vriend (1 en 11), 1875* 11, pp. 145-148.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1875 het 'n behoefte by die lede van die *Pretoria Club* ontstaan vir 'n gebou, 'n gemeenskapsaal, waar die lede sosiaal kon verkeer en vergaderings gehou kon word. Die aandeelhouers van hierdie klub het 'n komitee met Kisch as voorsitter benoem om die aanvoorwerk en organisasie te doen en vir goedkeuring aan die komitee van die *Pretoria Club* voor te lê.[296] 'n Bewustheid dat sekere mense in die gemeenskap in nood verkeer het, het ook ontstaan. In 'n advertensie in *De Volksstem* met die opskrif MENSCHENVRIENDEN, het H. C. Bergsma en De Vries geskryf dat hulle opgemerk het dat talle mense sieklik en werkloos was, en liefdadigheid sou benodig. Hiermee het hulle 'n oproep op die gemeenskap gedoen om liefdegawes te skenk om hierdie nooddruftiges te help om na die Kaapkolonie "waar een beter lot wacht", terug te keer.[297]

Die Transvalers het hulle sosiale verantwoordelikheid bevestig toe 'n *boerenbazaar* in 1877 gehou is om fondse in te samel om 'n kosskool vir meisies op te rig. *Liefdegaven*, met inbegrip van *Levende Have,* kon by die komiteelede, waarvan De Vries een was, ingelewer word.[298] Tydens die hoeksteenlegging van hierdie "Prospect Seminary" het De Vries al die kinders genooi om by sy huis by een te kom en 'n piekniekfees te hou.[299]

Sosiale byeenkomste het gereeld plaasgevind. Met sy vriend J. Verdoorn se verjaarsdag in 1878, het De Vries 'n groot aantal vriende in sy huis onthaal en "er werd een heel plesierig uurtje gesloten."[300] De Vries was byvoorbeeld as sekretaris van die perdewedrenklub by die reëlings van die jaarlikse wedrenne in Junie 1874 betrokke. Die advertensie waarin besonderhede oor dié eerste wedren bekend gemaak is, is afgesluit met die woorde "Vive le President!"[301] Daarbenewens het *De Volksstem* geskryf dat "onzen Staatsprokureur (De Vries alias *Klaas Waarzegger*) tydens die byeenkoms van die *Letterkundig Genootschap* met zooveel smaak een rijmpie in ons landstaal, *Die Steveltjies van Sannie*", voorgedra het.[302]

---

296 *De Volksstem*, 20 Maart, 19 April 1875.
297 *Ibid.*, 24 Februarie, 7 Maart 1874.
298 *Ibid.*, 27 November 1877.
299 *Ibid.*, 16 Julie 1878.
300 *Ibid.*, 22 Januarie 1878.
301 *De Volksstem.*, 13 Junie 1874.
302 *Ibid,* 20 Junie 1874.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gerugte het die rondte gedoen dat Cohen (van die firma Bernard & Cohen) deur die koning van Portugal aangestel is as "Knight of the Order of Jesus Christ".[303] Hierdie aanstelling is eers in Oktober 1881, tot die groot verbasing van die Pretorianers in die staatskoerant bevestig. In hierdie hoedanigheid het Cohen 'n dinee waarheen die hoogeplaastes genooi is, gereël om die Portugese koning se verjaardag te vier.[304]

Kulturele bedrywighede is ook met vrymoedigheid deur Jode in samewerking met *Gentiles* ondersteun. Die eerste jaarlikse vergadering van die *Letterkundige- en Wetenskaplikevereniging,* wat op 21 Januarie 1874 deur die Staatspresident geopen is, is onder andere deur De Vries en Pereira bygewoon. Gedurende 'n openbare vergadering in 1875 is Kisch as voorsitter van die komitee van die *Botanische tuin* en in beheer van die kruietuin aangestel.[305] Tydens 'n openbare vergadering in 1874 het 'n behoefte aan 'n biblioteek en 'n museum by die gemeenskap ontstaan en is verslag gedoen oor die leersame lesings wat gedurende 1874 in samewerking met die sustersorganisasie, die *Drama- en Musiekvereniging* aangebied is. *De Volksstem* het in 1875 berig dat: "De heer C. J. Juta heeft in eene groote behoefte in Pretoria voorzien door een circulerende biblioteek alhier te vestigen."[306] Hierdie wens is uitgevoer maar in 1882 was die biblioteek in skuld gedompel. 'n Openbare vergadering is belê om te verneem of die gemeenskap in Pretoria bereid sou wees om die biblioteek verder te ondersteun en te help om die skuld te delg. Hierdie vergadering is deur ongeveer veertig mans bygewoon wat hulle steun aan die biblioteek se voortbestaan gegee het. Cohen het tydens hierdie byeenkoms voorgestel dat dit wenslik sou wees om ook Hollandse en Duitse boeke aan te koop.[307]

In 1875 het lede van die gemeenskap 'n dinee in die Edinburgh Hotel gereël waar ongeveer vyftig mans president Burgers op die vooraand van sy vertrek na Europa onthaal het. Kisch was een van die organiseerders.[308] By sy terugkeer in 1876 het die komitee 'n verwelkomingsbal gereël wat tot dagbreek geduur het. Tydens hierdie verrigtings het Kisch 'n sangsolo gelewer en De Vries 'n heildronk ingestel en die

---

303 *Ibid.*, 29 Mei 1880.
304 *Ibid.*, 4 November 1882.
305 *Ibid.*, 2 Oktober 1875.
306 *Ibid.*, 25 September 1875.
307 *Ibid.*, 24 April 1882.
308 *Ibid.*, 20 Februarie 1875.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

President geluk gewens met die sukses om die spoorweglening te bewerkstellig en met sy planne vir die voorgestelde Onderwysdepartement.[309]

Daarbenewens was Juta en Kisch stigterslede van *De Transvaalsche Vereeniging voor het bevorderen van Politieken Vooruitgang,* wat in 1875 tot stand gekom het. Hulle het ook op die Raad van dié vereniging gedien. 'n Algemene vergadering van hierdie vereniging is op 4 April 1876 in Kisch en Harsant se "Assembly Room", gehou.[310] Tydens hierdie vergadering het lede soos Kisch hulle afkeur aan artikel 128 van die Grondwet uitgespreek wat "obnoxious disqualifications" soos kerklidmaatskap vir burgerskap vasgestel het. 'n Prokureur, G. S. Preller, het daarop gewys dat die benaming Hervormde Kerk reeds met Protestantse kerk vervang is en na 'n lewendige bespreking is voorgestel dat die Wet soos dit staan strenger toegepas moes word,[311] want hoewel Jode daarvolgens steeds uitgesluit is, is dié Wet nie in die praktyk konsekwent gehandhaaf nie, aangesien Jode in openbare betrekkings opgeneem is. Hiermee is 'n anti-Semitiese kwessie sonder meer afgehandel. Tydens 'n vergadering wat in September 1876 gehou is, het De Vries voorgestel dat alle inwoners van Pretoria en distrik by dié politieke vereniging moes aansluit om "de medewerken der Volksraadsleden te erlangen ten einde gevraagde informatie te verkrijgen", en om as 'n skakel tussen die regering en die gemeenskap te dien.[312]

Toe hy weer in Holland werksaam was, het ds. F. Lion Cachet hom steeds vir die Boere se saak beywer. Die opvatting dat die Boere lui was, die inboorlinge uitgeroei het en dat hulle slawerny sou bedryf, het hy as "eene ficti" bestempel, en daarop gewys dat die inboorlingstamme self "beoorlogen elkander."[313] In die *Wageningsch Weekblad* het Cachet 'n lang brief geskryf waarin hy die Boeresaak verdedig het toe hulle weer eens van slawerny beskuldig is. In hierdie brief het hy sy vertroue uitgespreek dat "Vader Kruger, wiens woord steeds zooveel vermacht, zal ook nu in de storm, als hij in aantocht is, wel weten te bezweren."[314]

'n Groep Nederlandse gesinne het na onderhandeling met Cachet en Bührmann vanaf Rotterdam op 9 September 1883 onder die leierskap van J. H. Janson, na die

---

309 *Ibid.*, 25 Maart, 29 April 1876.
310 *Ibid.*, 25 Maart 1876.
311 *Ibid.*, 8 April 1876.
312 *Ibid.*, 2 September 1876.
313 *Ibid,* 13 Junie 1874.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oos-Transvaal vertrek. By hulle vertrek het Cachet, as voorsitter van die *Maatschappij tot bevordering van handelsbetrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika,* die emigrante by die boot gaan afsien, goeie wense toegewens en 'n gebed vir hulle gedoen.[315] In die ZAR het hulle tydelik op Bührmann se plaas *De Emigratie* tuisgegaan. Daarna het hulle hulleself in die omgewing van die Steenkampsberge gevestig waar hulle later die dorp Dullstroom gestig het en een van die strate na Cachet vernoem het.[316] Hierdie aksie het as gevolg van die kerklike twis heelwat kritiek verduur aangesien 'n skrywer in *De Volksstem* teen Bührmann en Cachet te velde getrek het en beweer het dat die voorgenome emigrante ingelig is dat "alleen suiver Dordtsch-ortokoxe lieden kans van slagen hebben." Daarom moes die emigrante die "ortodoxe-Boere" se godsdiens eerbiedig.[317] Hierop is in *De Volksstem* 'n berig uit *De Hollandsche Afrikaan* gepubliseer waarin beswaar aangeteken is:

> De Republiek behoort de heeren Cachet en Bührmann niet te beloonen met ondank voor het vele wat zij, *meer dan iemand*, hebben gedaan om de belangstelling voor Transvaal hier in Holland wakker te schudden...[wensen] de heeren Cachet en Bührmann vrij te pleiten...[318]

Die historikus, C. de Jong, skryf: "Die kolonisasie van Dullstroom was Bührmann se laaste betekenisvolle onderneming. Die siekte wat hy in Europa ontwikkel het, [tydens die werwing van emigrante] het na sy terugkeer vererger ...hy is op 12 Mei 1890 op sy plaas *De Emigratie* oorlede." 'n Klein monument in Dullstroom eer hierdie Boerejood en oud-Volksraadslid.[319]

Die vertrek van die Kruger-deputasie na Brittanje en Europa in September 1883 het vir baie opwinding gesorg, en Nellmapius rede gegee om sy eer aan die President te betoon. Hy het die President en generaal Smit in sy eie rytuig tot by Erasmusspruit op pad na Potchefstroom geneem. Hierdie rytuig is deur ongeveer veertig ander voertuie met vooraanstaande burgers en hulle vroue, perderuiters en selfs die biskop van Pretoria, in 'n stoet gevolg. By Erasmusspruit het die stoet afgedraai en onder 'n

---

314 Hierdie brief is volledig in *De Volksstem* 19 Oktober 1881 opgeneem.

315 *De Volksstem,* 23 Mei, 30 Oktober 1883.

316 C. de Jong, Dullstroom 1884-1984. In *Contree*, No 17 Januarie 1985, pp. 29-31.

317 *De Volksstem,* 21 Februarie 1883. C. de Jong, Dullstroom 1884-1984. In *Contree*, No 17 Januarie 1985, p. 30, waar De Jong beweer dat Bührmann 'n oortuigde lidmaat van die Nededuitsch Hervormde Kerk was en aan lidmate van sy eie kerk voorkeur gegee het wat onwaarskynlik is as sy verhouding met F. Lion Cachet in gedagte gehou word.

318 *De Volksstem*, 23 Mei 1883.

319 C. de Jong, Dullstroom 1884-1984. In *Contree*, No 17 Januarie 1985, p. 30.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plaatjie doringbome stilgehou waar almal afgeklim het. "Mr. Nellmapius had, with his usual energy and forethought, provided an excellent cold colation, with the requisite liquids...to wash down the solids."[320] Die teenwoordiges wat nie 'n "twaalfuurtjie" saamgebring het nie, het dit geniet om "den inwendige mensch te versterken."[321] Tydens hierdie veldpiekniek het die President sy waardering teenoor Nellmapius uitgespreek en gevra dat die burgers die deputasie in hulle gebede sou dra. Na vele toesprake het die deputasie vertrek.[322] In Kimberley is die deputasie op "twee echt Afrikaansche schotels van sosaties en rijst en gebraden speenvark" onthaal en "de heer C. Sonnenberg de Transvaal roemde als het neusje van den Z. Afrikaansche salm".[323]

In Holland was reeds reëlings getref om hierdie deputasie in Brittanje te ontvang sodra hulle daar sou aankom. *De Volksstem* het hieroor berig:

> Alsdan zullen de heeren Dr. Kuijper, B. van Blokland en F. Lion Cachet naar London gaan om ze als adviseurs ter zijde te staan. [Aangesien] de nieuwe Lord Mayor van London, Fowler, een vurig negervried... zeide dat hij nimmer de hand sou reiken aan de vertegenwoordigers eener Republiek, wier geheel bestaan een aaneenschakeling was van roof, bloeddorst en moord. Wat een ploerd!!![324]

Cachet is deur die stoomboot-maatskappy toegelaat om in Londen by die deputasie aan te sluit en hulle op die *Batavier* na Rotterdam te vergesel. Na 'n paar genoeglike ure aan boord is hy, nadat 'n misverstand onstaan het en tenspyte van Kruger se pleidooie, nie toegelaat om in die trein saam met die deputasie na Den Haag te reis nie. Cachet het op sy eie die reis na Den Haag voortgesit waar die deputasie feestelik ontvang is. Sekere koerante het sensasieberigte geplaas "tevens wat gal uit te storten," en beweer dat Cachet aan boord "zeer koel ontvangen was (terwijl juist de tegenovergestelde waar is)" en gepoog het om sensasie te skep, wat van alle waarheid ontbloot was.[325] Met die terugkoms het die deputasie vanaf Kaapstad per trein tot in Kimberley teruggereis. Hiervandaan het hulle per poskoets vir tien dae na Pretoria gereis. By Sesmylspruit naby Pretoria het lede van die Volksraad saam met

---

320 *De Volksstem*, 21 September, 1883.
321 *Ibid.*, 25 September, 1883.
322 H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847- 1893*, 1978, p. 45.
323 *De Volksstem*, 13 November 1883.
324 *Ibid.*, 27 November, 1883.
325 *Ibid.*, 8, 15, 22 April, 1884.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nellmapius met sy koets, wat deur ses wit perde getrek is, die deputasie welkom geheet. Tydens die deputasie se afwesigheid het Nellmapius as 'n verrassing vir Kruger 'n nuwe huis in Kerkstraat as 'n geskenk laat bou.[326]

In 1884 is 'n reeks openbare vergaderings in Pretoria in Kisch se kantore gehou met die doel om die *Politieke Vereniging* te laat herleef. Tydens die vergaderings het die *Afrikaner Bond* onder bespreking gekom en het Kisch gevra of hy verseker kon wees dat hy as 'n Engelssprekende by die *Bond* aanvaar sou word. Kisch is daarna verseker dat "de bedoeling van den Bond was niet, zoozals de heer Kisch gezegd had, dat de Hollanders de Engelschen willen ophangen. Integendeel wij moesten trachten om zoveel mogenlijk bij elkander te komen en te begrijpen."[327] Hiermee was Kisch daarvan oortuig dat die Afrikaner Bond 'n vereniging vir die hele Suid-Afrika sou wees en dat sò 'n politieke vereniging vir die ZAR voordelig sou wees.

In hierdie laat negentiende eeu is daar hoofsaaklik tussen Engels- en Hollandssprekendes onderskei en byna nooit na Jode in Suid-Afrika verwys nie. Die wrede vervolging van Jode in Rusland het egter die aandag op Jode gevestig toe 'n berig uit *De Graaff Reinetter* in *De Volkstem* verskyn het en waarin die slagting van Jode tydens 'n pogrom in Odessa beskryf is.[328] Die vervolging van Jode in Rusland was ook ter sprake toe rabbi J. Rabinowitz van Kaapstad daaroor geskryf het en dit betreur is dat sekere Britse koerante op 'n anti-Semitiese wyse die rykdom van die Rotschilds beskryf het.[329]

Konfliksituasies het soms voorgekom waarby Jode betrokke was. In 1875 het I. Sonnenberg byvoorbeeld 'n saak aanhangig gemaak teen 'n sekere Flower wat hom 'n groot bedrag geld na 'n kaartspel geskuld het. Die landdros het hom egter nie verplig gevoel om oor so 'n aangeleentheid 'n vonnis te fel nie.[330] Kort daarna het De Pass 'n klag by die landdros in Pretoria gelê dat twee here, 'n kaptein Wynne en 'n mnr. Eckfort, met wie hy kaart gespeel het, hom daarvan beskuldig het dat hy met gemerkte kaarte sou speel en dat hulle hom "a bloody scoundrel a black-leg, and a

---

326 H. Kaye, *The tycoon and the President, The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847-1893*, 1978, p. 45.
327 *De Volksstem*, 4, 8, 11 Julie 1884.
328 *Ibid.*, 19 Julie, 1882.
329 *Ibid.*, 18 Augustus 1873, 27 Augustus 1881.
330 *Ibid.*, 27 Februarie, 1875.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

thief of a Jew" genoem het.[331] Die klag het by implikasie daartoe gelei dat De Pass daarvan beskuldig is dat hy die dobbelwet oortree het, maar aangesien dié kaartspel buite Pretoria plaasgevind het, het prokureur Preller daarop gewys dat die Staat nie 'n saak teen De Pass gehad het nie.[332] Die beginsel van *Amende Honorable* (skriftelike verskoning vir naamskending), was algemeen in die ZAR van toepassing, deur 'n beëdigde verskoning in 'n plaaslike koerant te publiseer. Hierdie verpligting moes Jode soos I. Michaelson en L. Sachs ook nakom toe J. W. Henderson en A. G. J. Naude hulle van naamskending beskuldig het.[333]

Jode se aanvoeling van sosiale verantwoordelikheid het daartoe bygedra dat hulle ook dikwels mense in nood gehelp het. By een so 'n geleentheid het 'n ruiter M. Owen die Furleydrif te perd oorgesteek toe 'n krokodil hom aangeval het. In dié struweling het hy 'n stiebeul en geweer in die water verloor, en is sy perd ernstig beseer. 'n Klein Joodse kleremaker, ene Haller, was die enigste mens wat hulp aangebied het om die goedere uit die rivier te kry. Owen het daarop vir Haller die geweer gegee en gesê dat sodra hy in die rivier spring, Haller die krokodil wat hom sou aanval, moes skiet. Haller, wat nog nooit 'n geweer in sy hande gehad het nie, was bang dat hy vir Owen sou skiet. Daarop het Owen vir Haller beveel om in die rivier te spring om as lokaas vir die krokodil te dien. Haller het sy klere uitgetrek, 'n gebed gedoen en in die rivier gespring. Owen kon daarop die krokodil wat Haller aangeval het skiet. Maar die vrees wat Haller tydens hierdie episode ervaar het, het daartoe bygedra dat sy hare uitgeval het sodat hy vir die res van sy lewe kaalkop was.[334]

SAMEVATTING

Uit die inligting wat ingewin is, is dit duidelik dat daar aanvanklik so min Jode was dat daar geen sprake van 'n Joodse samelewing en uitlewing van die Judaïsme in die ZAR was nie. Deurdat die Jode oënskynlik maklik by die heterogene samelewing in die Transvaal geassimileer is en deur die gemeenskap aanvaar is, het daar ook geen ernstige Joodse vraagstuk ontstaan nie. Enkele gevalle van anti-Semitisme het wel voorgekom maar dit het nie werklik probleme geskep nie. Maar die Jode in die vroeë

---

331 *Ibid.*, 16 Maart 1875.
332 *Ibid.*
333 *Ibid,* 22 Februarie 1882.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Transvaalse gemeenskap het beslis 'n beduidende aandeel gehad in die ontwikkeling van die ekonomiese, nywerheids-, poltieke en sosiale stelsels, deurdat hulle met kreatiwiteit, kennis en deursettingsvermoë, by die gemeenskap ingeskakel het.

Die Jode moes net soos die ander pioniers in die ZAR eenvoudig en spaarsaam leef ten einde ekonomies te kon oorleef. Dit is veral as kleinhandelaars dat hulle met die boeregemeenskap op die platteland kennis gemaak het en sosiaal aanvaar en selfs as Boerejode beskou is. Hulle het egter nie net as ondernemers, myners en vroeë nyweraars tot die materiële welvaart van die ZAR bygedra nie, maar ook die sosiale welsyn bevorder deur aan die georganiseerde gemeenskapsaktiwiteite deel te neem en die owerheid te ondersteun. Deurdat hulle byna enige beroep beoefen het, het hulle ook tot die ontwikkeling en beskerming van die ZAR op politieke gebied bygedra. Hulle het belangrike bydraes tot die ontwikkeling van die ekonomie gelewer deurdat hulle enige beroep beoefen het waarin hulle 'n behoefte raakgesien het. Hulle het in dié proses swaar gekry selfs bankrot gespeel. So het Nellmapius en Marks die uitdaging aanvaar om die ZAR se eerste nywerhede te ontwikkel. Op sosiale gebied het hulle maklik in dié heterogene gemeenskap ingeskakel. De Vries het byvoorbeeld in 'n boek "Die geskiedenis van Transvaal" in die "Boere se eigen taal", geskryf, wat die dilemma van die "Taal" wat die Boere gepraat het, na vore gebring het-dit was nòg Hollands nòg Afrikaans.

Die belangrike rol wat bekeerde Hollandse Jode soos die Cachet-broers en die Bürhmann-gesin in die kerklike ontwikkeling in die ZAR gespeel het, het daartoe bygedra dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk se voortbestaan verseker is. Dit het onder andere ook daartoe bygedra dat die Gelofte van Bloedrivier in herinnering geroep is, die Trekkers na Angola emosioneel en geestelik ondersteun is en 'n groep Hollanders in die Steenkampsberge gevestig geraak het, waar die dorp Dullstroom gestig is. Derhalwe kan die stelling gemaak word dat die Jode se lewensgehalte gedurende hierdie tydperk, waar materiële *welvaart* net onder enkeles voorgekom het, wel 'n gevoel van *welzijn* weerspieël het. Hulle het desnieteenstaande tot die *welvaart* asook die sosiale *welzijn* van die gemeenskap in die ZAR bygedra wat 'n beslisde invloed op die lewensgehalte van die inwoners in die ontwikkelende ZAR uitgeoefen het.

---

334 T. V. Bulpin, *Lost trails on the Lowveld*, n.d., p. 201.